

TEMPUSGEBRUIK IN AFRIKAANSE NARRATIEWE TEKSTE

deur

TIA VAN WYK

SKRIPSIE

voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in



in die

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG

STUDIELEIER: PROF C.J. CONRADIE

FEBRUARIE 2009

Inhoudsopgawe

English Summary

Hoofstuk 1: Inleiding	p.1
Hoofstuk 2: Tempusgebruik en die tempusvorme van die Afrikaanse taal	p.6
Hoofstuk 3: Die historiese presens	p.11
Hoofstuk 4: Vertellings in die prefek en imperfek (preteritum): verlede en voorverlede	p.25
Hoofstuk 5: Vertellings met 'n vermenging van die preteritum en die presens	p.30
Hoofstuk 6: Die funksies van tydpartikels in Afrikaanse vertellings	p.43
Hoofstuk 7: Slot	p.54
Bibliografie	p.56

English Summary

In this study the application of different temporal forms in Afrikaans narratives is discussed. Afrikaans narratives make use of the present tense, the preterite (a combination of the imperfect and the perfect tense) and a combination of the two above mentioned tenses to narrate events.

Fleischman debates that in some languages the present tense that is used in narratives to narrate dramatic events can be divided into two different groups, namely the historical present tense and the dramatic or narrative present tense. In this study an attempt was made to make a distinction between these two tenses with regard to the semantic value of the verb. A variety of texts that mainly consist of present tense verbs were analyzed and the verbs were divided into two groups: dramatic verbs and static verbs. If a narrative consisted of higher percentage of dramatic verbs it was thought that the narrative was being narrated in the dramatic or the narrative present tense. When a narrative consisted of a higher percentage static verbs it was thought that the narrative was being narrated in the historical present tense. This distinction is however not absolute, but the two varieties are rather seen as being on a continuum.

Afrikaans narratives do not only utilize the historical present tense to narrate, but also the preterite. By using the preterite in narratives the reader is further removed from the narrator's deictic centre than if the narrator is using the historical present tense.

A combination of the preterite and the present tense is also quite often used in Afrikaans narratives. The alternative use of the two tenses consists of a diverse range of functions. For example when events are placed on the foreground the use of the present tense is often required amidst a story being told in the preterite.

Lastly the Afrikaans adverbial particles *toe*, *nou* and *dan* and their various temporal functions in Afrikaans narratives were discussed

Hoofstuk 1: INLEIDING

1.1 Probleemstelling

In soverre drie algemene tyd Kategorieë, naamlik die teenwoordige tyd, die verlede tyd en die toekomstige tyd, onderskei kan word, word hulle in die Afrikaanse werkwoordelike stelsel uitgedruk deur onder andere die presens (vir die teenwoordige en toekomstige tyd) en die perfek en soms 'n vermenging van die twee sowel as die gebruik van die perfek en die imperfek gesamentlik wat vir die doel van dié studie as die preteritum bekend sal staan, in navolging van die kategorisering wat deur Ponelis (1991:265-266) gevolg word. Die onderwerp van hierdie studie is die aanwending van verskillende tempusvorme in Afrikaanse vertellings in literêre tekste. Daar word gepoog om 'n verklaring te probeer kry vir die skrywer se gebruik van een van drie tydsvorme, naamlik die presens en die preteritum (imperfek en perfek) of 'n vermenging daarvan in Afrikaanse vertellings. In terme van die presens is die problematiek geleë in die feit dat daar 'n moontlike onderskeid getref kan word tussen die historiese presens en die narratiewe of dramatiese presens in vertellings waar die presens hoofsaaklik gebruik word. Die funksies wat die tydpartikels *dan*, *toe* en *nou* in vertellings verrig, word ook as problematies gesien, aangesien hierdie partikels binne die konteks van 'n vertelling verskillende funksies vervul.

1.2 Hipoteses

As algemene hipotese word gestel dat onderskei kan word tussen (a) vertellings wat hulle primêr van die presens bedien, (b) vertellings wat hulle primêr van die preteritum bedien en (c) vertellings wat hulle van 'n mengsel van die twee tempora bedien.

'n Spesifieke hipotese word in verband met die gebruik van die presens in vertellings gestel, naamlik dat daar tussen die historiese presens en die narratiewe of dramatiese presens onderskei kan word op grond van die semantiese waarde van die werkwoord.

1.3 Metodiek

Om bogenoemde hipoteses te toets en om 'n moontlike oplossing vir die gegewe probleemstelling te vind, word daar 'n ontleding gemaak van verskillende Afrikaanse vertellings met die fokus op dié tekste se werkwoordgebruik asook hulle tydpartikels.

Vir die doel van die ontleding van 'n spesifieke tempusvorm se funksies binne 'n vertelling is telkens net die eerste vyftig bladsye van die vertelling ontleed, aangesien 'n verteller se verteltegniek binne dié afbakening gewoonlik duidelik na vore kom. Vertellings is gekategoriseer deur te kyk na watter tempusvorm hoofsaaklik meer

konsekwent en frekvent aangewend is deur die loop van die vertelling om te bepaal in watter een van die drie bogenoemde kategorieë die vertelling val, aangesien in al drie die kategorieë afwisseling tussen die verskillende tempusvorme voorkom.

Met die oog op die moontlike onderskeid tussen die historiese presens en die narratiewe presens of dramatiese presens, is dit veral die vertellings wat in die eerste kategorie ingedeel is wat lig op hierdie probleem sal werp.

Vervolgens eers 'n paar inleidende gedagtes aangaande dié bespreking.

1.4 Perspektief op die ondersoek

Aangesien die verlies van die Nederlandse “onvoltooid verleden tijd” of “imperfectum” ’n ingrypende invloed op die Afrikaanse tempussisteem gehad het, word dit hier kortliks behandel. Vervolgens word die gebruik van verskillende tydsvorme in ’n Afrikaanse vertelling geïllustreer aan die hand van ’n teksuittreksel. Daarna word inleidende opmerkings gemaak oor die temas wat in die verskillende hoofstukke behandel word.

1.4.1 Verlies van die imperfek en herstrukturering van tydsaanduiding in Afrikaans

In Nederlands word die *imperfectum* of *onvoltooid verleden tijd*, in Duits word die *Präteritum* en selfs in Engels word die *imperfect tense* tradisioneel in die vertelkuns as tydsvorm gebruik om die opeenvolging van gebeurtenisse weer te gee. Soms word die historiese presens egter in bogenoemde tale ook vir vertellings aangewend in die vertelkuns soos gesien kan word aan die werkwoordgebruik in onderstaande Nederlandse koerantuitreksel:

Op de Herenweg was ik gistermiddag tussen vier uur en half vijf getuige van een ongewoon voorval. Een begrafenisstoet slaaf linksaf de Singeldwarstraat in, maar komt dan, nogal abrupt, tot stilstand. Op de hoek staat een personenauto klem. Uit de volgauto's springen zes à zeven mannen. Zij spoeden zich naar de inzittenden van de auto op de hoek – twee mannen die inmiddels ook zijn uitgestapt.

Dan beginnen de nabestaanden er krachtig op los te kleunen. Knallende roffels worden losgelaten op de hoofden en magen van het tweetal. De chauffeurs van de begrafenisauto's wachten intussen beleefd tot de nabestaanden hun verdrietig werk hebben afgerond.

Een voorbijganger komt tussenbeide ... Na nog een handval stompen stappen de nabestaanden weer in. Ze mopperen iets over onverantwoordelijk rijden en het snijden van een volgauto. Langzaam zet de droeve stoet zich weer in beweging. Er is recht gedaan. (*Het Utrechts Nieuwsblad* 1971:12:21)

In Afrikaans het die imperfek egter verval met die uitsondering van die modale hulpwerkwoordrestante en *was* as koppelwerkwoord. Soms kom die gebruik van die imperfek van die werkwoord *het* naamlik *had* ook nog literêr voor. Die imperfek-vorme van *dink* en *weet* naamlik *dog* (in die sin van ‘verkeerdelik gedink’) en *wis* kom ook geredelik voor.

Die verval van die imperfek het 'n stilistiese probleem rondom die tempusvorme in Afrikaanse vertellings laat ontstaan. Loubser (1960) toon in 'n historiese studie aan hoe die Nederlandse perfek, wat nie 'n suiwer verledetydsvorm is nie (vergelyk ook die Engelse benaming daarvoor as “present perfect”), in Afrikaans geleidelik tot 'n suiwer verledetydsvorm ontwikkel het. Die stilistiese probleem vir Afrikaans lê opgesluit in die feit dat die perfek en imperfek-restante eksplisiet op die verlede tyd dui, maar die presens — wat 'n ongemarkeerde tydsvorm is — tog ook aangewend kan word om gebeure wat in die verlede afgespeel het, te verwoord.

Aangesien Afrikaans staat moet maak op 'n beperkte aantal werkwoordelike tydsvorme om gebeure in die verlede te verwoord, is vertellers genoodsaak om van ander woordsoorte wat tyd aandui, gebruik te maak om die vertelling in terme van tyd deikties te anker. Heel dikwels maak vertellers gebruik van bywoorde van tyd (bv. *toe* en *gister*) asook setselgroepe (bv. *in die môre*) om gebeure binne 'n tydverwysingsraamwerk te plaas. Hierdie gebruik van ander woordsoorte om tempus aan te dui, fokus die aandag op 'n ander saak waaraan daar aandag gegee word naamlik die problematiek rondom die gebruik van die bywoorde van tyd, veral *dan*, *nou* en *toe*. Om 'n moontlike verklaring vir die gebruik van dié bywoorde in Afrikaanse vertellings te kry, sal daar veral ook gekyk word na die deiktiese sentrum en hoe dié sentrum 'n rol speel in die aanwending van die bywoorde van tyd binne 'n vertelling. Vervolgens word 'n kort demonstrasie van die gebruik van tydsvorme in 'n Afrikaanse verteltekste gegee.

1.4.2 Illustrasie van die gebruik van tydsvorme in 'n teks

Onderstaande aanhaling uit Ingrid Winterbach se *Niggie* (2002) word vervolgens gebruik om die afwisseling van die verskillende tempusvorme in Afrikaanse vertellings te illustreer.

- 1Die son kom (pr) op. Hulle is (perf) die vorige oggend van die boer se plaas weg, en drie dae
2vantevore van kommandant Senekal se walaer.
- 3 Senekal se kommando was (impf) die afgelope week of twee, drie in die omgewing van
4Beaufort-Wes gebaseer, nadat hulle sedert Oktober van die vorige jaar 'n aantal kere sonder
5sukses by generaal Smuts tydens een van sy invalle in die Kolonie probeer aansluit het (perf).
6Nadat hulle hom in Desember weer in die omgewing van Vanrhynsdorp misgeloop het (perf), en
7na die skermutseling met die Engelse by Allesverloren kort daarna, het Senekal skynbaar moed
8opgegee (perf) en sy soektog na Smuts laat vaar (perf).
- 9 Ben en Reitz kon nie besluit (impf) wat die ergste was (impf) nie: die vergeefse
10rondswerwery agter Smuts aan, of die vasstaan op een plek daarna.
- 11 Die vier van hulle is (pr) op pad om jong Abraham na 'n gunstiger omgewing te bring –
12na sy moeder op Ladybrand – as sy haar nog daar bevind (pr).
- 13 Kommandant Senekal (sy oë agterdogtig vernou; sy kop in 'n wolk tabakrook ge hul) het
14 sy toestemming hiervoor gegee (perf), op voorwaarde dat hulle op pad 'n brief aan generaal
15Bergh oorhandig (pr). Die generaal hou (pr) hom iewers in die Kolonie naby die Oranjerivier in
16die omgewing wes van die Skeurberge skuil.
- 17 Toe hulle vertrek (pr), oorhandig (pr) Senekal aan hulle 'n verseëlde brief vir die generaal
18en 'n kaart met aanduidings hoe om by sy kamp uit te kom.
- 19 Willem Boshoff is (pr) 'n man van in die vyftig – die oudste van die vier. Hy is (pr) groot
20van gestalte. Gewigtig, stadig, statig. Hy praat (pr) min. Sy oë is (pr) helder soos water. Voor

21die oorlog was (impf) hy posmeester op sy tuisdorp. Hy het Abraham onder sy vlerk geneem
22(perf) die dag nadat Abraham se ouer broer langs hom doodgeskiet is (pr) by die slag van
23Droogleegte. Sedert dié dag het jong Abraham nie weer 'n verstaanbare sin kon sê (perf) nie.
24 Abraham Fouché kan nie ouer as twintig wees (pr) nie. Sy jeug is (pr) daarmee heen. Wie
25weet (pr) hoe sy lewe onder gunstiger omstandighede daar sou uitsien (impf)? (2002:12-13)

In die gegewe aanhaling word die historiese presens afwisselend met die preteritum gebruik om 'n vertelling wat binne die tydverwysingsraamwerk van die Anglo-Boere-Oorlog gesitueer is, te verwoord. Dit blyk dat om die afwisseling van die tempusvorme in 'n vertelling soos die een hierbo te bepaal, daar na spesifieke tekspatrone gekyk moet word vir 'n moontlike oplossing vir die afwisseling. Die een moontlike patroon waarna gekyk word, is die plasing van sekere gebeure op die voorgrond en ander op die agtergrond. Die gebeure in die gegewe vertelling word juis afwisselend gebruik en die afwisseling van die presens met die preteritum word aangewend om die voorgrondstelling en agtergrondstelling duideliker te beklemtoon. In reëls 1-7, met die uitsondering van die tweede sin in reël 1 wat na gebeurtenisse op die agtergrond verwys, staan die gebeure op die voorgrond soos ook in reëls 11-12. Die voorgrondstellings word in die historiese presens uitgedruk. Gebeure in dié gedeelte van die vertelling wat op die agtergrond geleë is en wat terugskouend na gebeure in die verlede verwys, soos in reëls 3-8 asook reël 14, word in die preteritum verwoord. Wanneer karakters beskryf word, word dit in die presens verwoord soos gesien kan word in reëls 19 -20 en 24. In hierdie vertelling word gedeeltes wat nadenkend van aard (reëls 9-10) is asook spekulatiewe gedeeltes (reël 25) verwoord in die preteritum. Dit gaan uiteraard gepaard met die gebruik van die modale werkwoorde wat onderhewig is aan die imperfek en die grade van modaliteit wat die werkwoorde uitdruk.

1.4.3 Geleding van die ondersoek

Vir die doel van die ondersoek moet daar eerstens lig gewerp word op die begrip *tempus*. Tempus is meer as net 'n grammatikale kategorie wat verwys na die lokalisering van situasies binne tyd (Asher, 1994:4558). In hoofstuk 2 van hierdie studie word dié begrip breedvoerig bespreek asook die deiktiese kategorisering daarvan. Daar word ook verwys na die Afrikaanse tempusvorme, sodat wanneer die verskillende soorte tempusvorme in Afrikaanse vertellings bespreek word die leser die gebruik van die Afrikaanse tempusvorme binne die konteks van die bespreking kan verstaan. 'n Vlughtige oorsig oor die begrip "deiksis" sal ook in hierdie teoretiese afdeling gegee word, aangesien tempus 'n deiktiese kategorie is.

Die gebruik van die historiese presens word in hoofstuk 3 bespreek met die fokus veral op die problematiek rondom die benaming van dié stilistiese aanwending van die presens binne vertellings. In die Fleischman-debat word daar 'n onderskeid getref tussen die historiese presens en die narratiewe presens. Of dit in Afrikaanse vertellings ook in sulke besliste kategorieë geplaas kan word, word bepaal deur na die semantiese waarde van die werkwoord in die ondersoekte tekste te kyk. Vertellings in die presens wissel tussen rustig beskrywende 'literêre' vertellings, die historiese presens en die 'narratiewe' presens wat tipies is van die mondelinge vertelstyl. Hierdie verskillende aanwendinge van

die presens in Afrikaanse vertellings sluit aan by die debat oor wat die presens in vertellings eintlik genoem moet word. Dit sluit ook aan by die Fleischman-debat wat reeds hierbo genoem is. Of daar in Afrikaanse vertellings dan net na die historiese presens of ook na 'n narratiewe of dramatiese presens verwys moet word, sal aan die hand van die ontledings van verskillende moderne vertellings beredeneer word.

In hoofstuk 3 word vertellings wat in die presens geskryf is, bespreek en die debat rondom die historiese presens en die narratiewe presens word bespreek met die oog daarop of daar in Afrikaanse vertellings tussen hierdie twee 'n onderskeid getref kan word. Vier tekste word ontleed na aanleiding van die tipes werkwoorde (staties of dinamies) wat hulle gebruik, naamlik die persentasies statiese en dinamiese werkwoorde word gebruik om te bepaal of die teks in die historiese presens of in die narratiewe of dramatiese presens verwoord word.

Hoofstuk 4 handel oor vertellings wat hoofsaaklik van die preteritum (die perfek en die imperfek) gebruik maak, terwyl hoofstuk 5 'n bespreking is van vertellings wat in die presens sowel as die preteritum, met ander woorde 'n vermenging van die twee tempusvorme geskryf is. In hierdie hoofstuk is dit interessant om te sien hoe verskillende skrywers die afwisseling van die tempusvorme gebruik om sekere funksies in 'n vertelling te verrig.

In Hoofstuk 6 word die funksies van tydpartikels binne Afrikaanse vertellings bespreek; daar word veral gefokus op die drie tydpartikels *dan*, *nou* en *toe*. As voorlopige illustrasie word 'n uittreksel uit die vertelling *Niggie* gegee om lig op die verskillende funksies van dié partikels te werp.

1Gert Smal warm *nou* eers behoorlik op (pr), aangehelp deur sy beneweling. As hy 'n naam of 'n 2pleknaam nie onthou (pr) nie, klap (pr) hy sy vingers in Esegïel se rigting, wat *dan* dadelik die 3ontbrekende feite vanuit die skaduwees verskaf (pr).
4"Piet Joubert se móér" sê (pr) Gert Smal. "Hy moes die Engelse in die see gejaag het (impf), reg 5aan die begin, toe ons nog die voordeel van beweeglikheid gehad het (perf). Die beleg van 6Ladysmith was (impf) 'n klug! Die manne kon beter gebruik gewees het (impf). Die Vrystaters 7was (impf) die beste skerpskutters – die Heilbronnars alleen kon by Nicholsonsnek die Kakies op 8hulle moer gegee het (impf). Einde April was (impf) die manne al ontmoedig. Hulle het te lank lê 9en wag (perf) op aksie. Joubert het hulle laat lê (perf) en hulle gatte af verveel (perf), toe hulle 10nog vol daadkrag en aksie was (impf) – *toe* hy hulle moes toegelaat het (impf) om die vyand die 11see in te jaag. (2002: 39-40)

Om die funksies van die partikels te verklaar, is die woordeboekbetekenis (die HAT en die WAT) van die partikels in ag geneem om lig op die betekenis van die partikels te werp. In die gegewe aanhaling kom al drie die tydpartikels voor. Eerstens word die partikel *nou* in reël 1 gebruik om die leser binne die gespreksruimte van die verteller se deiktiese sentrum te sentreer. Die gebruik van dié partikel hang gewoonlik saam met die gebruik van die presens. Volgende word die partikel *dan* in reël 2 gebruik. Een van die betekenis van *dan* volgens die HAT (1994:130) wat op hierdie spesifieke gebruik van dié partikel ook van toepassing is, is dat dit op 'n bepaalde of spesifieke tydstip wat by herhaling voorkom, dui soos in die sin: *Elke keer as ek praat, dan word hy kwaad*. Die gebruik van *dan* word hoofsaaklik in 'n presens-konteks gebruik. Laastens word die

partikel *toe* (reël 10) ook in dié uittreksel aangewend in sy verledetydverwysende funksie in samehang met die gebruik van die imperfek. In hierdie spesifieke geval skep die gebruik van dié tydpartikel 'n skeiding in die sin wat ook ondersteun word deur die voorafgaande gebruik van die aandagstreep. Dikwels kan die een partikel sonder enige probleem met 'n ander vervang word, maar soms is die vervanging onmoontlik. Hierdie uitleg is maar 'n gedeelte van die verskillende funksies waarvoor tydpartikels binne vertellings beskik en 'n vollediger ontleding daarvan word in hoofstuk 6 gegee.

1.5 Struktuur van die studie

Na aanleiding van al die oorwegings wat hierbo genoem is, word die studie soos volg gestruktureer. Eerstens word in Hoofstuk 2 'n oorsig gegee oor die begrip *tempus* en die begrip se verskillende fasette. In Hoofstuk 3 word die debat rondom die historiese presens bespreek en vier tekste word ontleed om te bepaal of daar 'n onderskeid gemaak kan word tussen die historiese presens en die dramatiese of narratiewe presens. Hoofstuk 4 bespreek die gebruik van die preteritum in vertellings. Die afwisseling tussen die presens en die preteritum en die verskillende funksies wat die verwisseling van die twee tydsvorme binne vertellings verrig, word in Hoofstuk 5 bespreek. In Hoofstuk 6 word aandag geskenk aan die funksies wat die tydpartikels *dan*, *toe* en *nou* binne vertellings verrig.



Hoofstuk 2: TEMPUSGEBRUIK EN DIE TEMPUSVORME VAN AFRIKAANS

In hierdie hoofstuk sal 'n teoretiese agtergrond gegee word oor die tempusvorme wat in Afrikaans voorkom met die oog op onder andere die funksies wat die tempusvorme vervul in die Afrikaanse taal. Hierdie teoretiese agtergrond aangaande Afrikaanse tempusvorme sal ook in van die volgende hoofstukke aangewend word om die gebruik van tempusvorme in Afrikaanse vertellings te verklaar. Alvorens daar egter na die Afrikaanse tempusvorme gekyk word, sal die oorkoepelende begrip *tempus* eers bespreek word om lig te werp op die funksie wat tempus in 'n groot aantal tale vervul.

2.1 Tempus en deiksis

Volgens Asher (1994:4558) is tempus 'n grammatikale kategorie wat verwys na die lokalisering van situasies in terme van tyd. Tempus is met ander woorde 'n basiese grammatikale kategorie wat die aangesprokene bemagtig om die situasies weergegee in 'n teks of in die gesproke taal of in beide die vorme chronologies te herkonstrueer. Tempus beskik oor twee belangrike kenmerke, naamlik dat dit hoofsaaklik deur 'n werkwoord uitgedruk word en tweedens dat dit enige situasie binne 'n sekere tydverwysingsraamwerk plaas (Comrie 1985:13). Asher (1994:4559) tref 'n onderskeid tussen absolute tempus en relatiewe tempus. Tyd het geen inherente tipologiese kenmerk wat as verwysingspunt kan dien om situasies in tyd te anker nie. Met ander woorde tyd ken geen begin of geen einde nie. Daarom is dit nodig om 'n verwysingspunt te bewerkstelling om situasies binne tyd te anker. Die maklikste manier om situasies in terme van tyd te anker, is om gebruik te maak van die deiktiese sentrum. Daarom word die deiktiese sentrum se “nou” geselekteer as spesifieke verwysingspunt. Tempusvorme wat die huidige oomblik as hulle verwysingspunt aanneem, word na verwys as absolute tempusvorme. In Afrikaans, soos in byvoorbeeld Nederlands, Duits en Engels, kan drie basiese tempusvorme onder absolute tempus geïdentifiseer word, naamlik die teenwoordige tyd, die verlede tyd en die toekomstige tyd. Volgens Asher (1994:4560) verwys relatiewe tempus na situasies relatief tot 'n kontekstueel gegewe verwysingspunt eerder as die huidige oomblik/ “nou” van bogenoemde absolute tempus.

2.2 Tempus as deiktiese kategorie

Voordat daar gekyk word na tempus as deiktiese kategorie, moet die begrip *deiktiese sentrum* verklaar word. Volgens Botha (1995:7) is deiksis die skakel tussen taal en werklikheid. Deiksis verwys na aspekte van 'n taaluiting waarvan die interpretasie afhanklik is van die kennis van die konteks waarin dit voorkom. Deiksis beskik oor drie kategorieë naamlik persoon, tyd en plek. Volgens Comrie (1985:14) is die voor die handliggendste voorbeeld van 'n deiktiese sisteem wanneer die “hier en nou”, met ander

woorde die tyd en plek van die gesproke uiting, as die deiktiese sentrum aanvaar word. In terme van persoonsdeiksis sal dit die spreker as eerste persoon, die hoorder as tweede persoon en al die ander as derde persoon kategoriseer. In terme van plekdeiksis sal die plek waar die gesproke situasie plaasvind as “hier” gedefinieer word en alle ander plekke as “daar”. Die problematiek rondom plekdeiksis is kompleks, aangesien die fisiese omgewing van die spreker en hoorder nooit heeltemal identies kan wees nie. Daar kan selfs soms ’n redelike fisiese afstand tussen die twee geleë wees. “Hier” is gewoonlik eerder gemik op die spreker se onmiddellike omgewing, terwyl “daar” verwys na die hoorder of vir die doel van die bespreking die leser se onmiddellike omgewing. Volgens Botha (1990:102) moet daar binne ’n tyddeiktiese verwysing ’n onderskeid getref word tussen die interafhanklikheid van kodifiseringstyd en verwysingstyd. Die tyd waarop ’n taaluiting plaasvind, staan bekend as die *kodifiseringstyd*, terwyl die tydstip waarna deur die spreker verwys word, bekend staan as die *verwysingstyd*. Aangesien die bywoord van tyd *nou* die sentrum van enige deiktiese tydverwysingsraamwerk identifiseer, tree dit tydverwysend op ten opsigte van enige taalhandeling en speel dit ’n integrale rol in terme van bogenoemde onderskeid. Wanneer geskrewe kommunikasie in ag geneem word, gebeur dit soms volgens Botha (1990:105) dat die aangesprokene of leser hom moet verplaas na die enkoderingstyd van die boodskap, soos gereeld met die lees van vertellings gebeur. Binne die genoemde kodifiseringstyd mag na ’n tydstip verwys word wat opnuut as verwysingstyd geld. Die aangesprokene of leser moet hom dus vereenselwig met die kodifiseringstyd van die taaluiting ten einde dit sinvol te interpreteer. Aangesien tempus die verhouding wat daar tussen kodifiseringstyd en verwysingstyd bestaan, grammatikaliseer, kan daar met beslistheid gereken word dat tempus ’n deiktiese kategorie is.

Fleischmann (1989:1) stel dit ook duidelik in haar verklaring van tempus dat dit ’n deiktiese kategorie is:

It is conventionally agreed that the basic meaning of tense forms is the location of events in time relative to a reference point which is direct or at one or more removes from the ‘now’ of the speaker.

Volgens Comrie (1985:1) het *tempus* die volgende drie kenmerke:

- 1.) Dit is veranker in ’n deiktiese sentrum wat verwys óf na die huidige oomblik soos in die absolute tempusvorme óf na enige punt in tyd soos uitgedruk deur die relatiewe tempusvorme;
- 2.) die gebeurtenisse waarna verwys word, is geleë voor, gelyktydig met of na aan die deiktiese sentrum (met ander woorde die plasing van gebeure in terme van die tyd) en
- 3.) die afstand in tyd ten opsigte van die verwysende gebeurtenis word bepaal na gelang van die posisie wat dit beklee in terme van die deiktiese sentrum.

Alvorens daar onder meer na die tempusgebruik in Afrikaanse vertellings gekyk word, moet ’n teoretiese raamwerk daargestel word om die gebruik van tempusvorme in vertellings te regverdig asook om die funksies van die tempusvorme te belig wat moontlik insig sal lewer oor die gebruik daarvan in vertellings.

2.3 Tydsvorme van die Afrikaanse taal

Meyer de Villiers (1971:6) lewer insiggewende kommentaar oor die funksie van tydsvorme in vertellings asook die funksie van bysinne en tydsbywoorde. Daar bestaan volgens hom 'n algemene wanopvatting dat elke taal se werkwoordsvorme 'n bepaalde tydsvorm daarstel. Hieronder word verstaan dat wanneer daar gepraat word van die teenwoordige tyd (*skryf*), verlede tyd (*het geskryf*) en die toekomstige tyd (*sal/ gaan skryf*) hierdie tydsvorme slegs een statiese tydsvorm uitdruk. De Villiers sien dit egter as 'n wanopvatting, aangesien in Afrikaans die presens gebruik kan word om gebeure uit die verlede te verwoord - as historiese presens soos gesien sal word in die voorbeelde hieronder - maar dit kan ook toekomsverwysend (*Môre leer ek vir Wiskunde en oormôre vir Geskiedenis.*) wees asook tydlose gebeure (bv. *Die aarde draai om sy eie as.*) en herhaalde gebeure (bv. *Die man gaan Maandae dokter toe.*) verwoord. Dit kom dus daarop neer dat die Afrikaanse tydsvorme verskillende waardes kan hê binne die verskillende kontekste en dat die algemene indeling van dié tydsvorme nie as die norm vir die indeling van tydsvorme aanvaar moet word nie.

In De Villiers (1971:14) se bespreking oor tydsvorme behandel hy vier tydsbegrippe, naamlik sikliese tyd, lineêre tyd, egosentriese/ fatiese tyd en "tydeloosheid". Van belang vir dié bespreking is die laaste twee tye naamlik die egosentriese/ fatiese tyd en "tydeloosheid". Die egosentriese/ fatiese tyd sluit die teenwoordige, verlede en toekomstige tyd in en die "ego" of "ek" staan binne die sentrum, en die uitgangspunt wanneer die spreker praat, is die "nou". Met ander woorde enige mededeling, hetsy mondeling of geskrewe, is 'n situasiegebonde daad selfs al is die strekking bedoel om geldig te wees vir alle plekke en tye. Om dan die Afrikaanse taal se tempusvorm bloot in die drie algemene kategorieë, naamlik teenwoordige, verlede en toekomstige tyd, in te deel, sal onvoldoende wees aangesien die grense van tyd volkome onbepaalbaar of nie objektief beskryfbaar is nie.

Met deiksis in gedagte word daar tot die besef gekom dat "nou" uiters rekbaar is. De Villiers (1971:15) vestig die aandag op die opvallende verskynsel in baie tale dat vorme wat skynbaar vir die teenwoordige tyd bedoel is, heel dikwels in verband met die toekomstige tyd gebruik word. Hy verklaar dit as volg:

Hierdie eienaardige toestand kan daardeur verklaar word dat die toekomstige tyd 'n eienaardige karakter het. Wat ons van die werklike teenwoordige of verlede tyd sê, hoort meestal tot die terrein van feite, gebeurtenisse wat plaasvind of plaasgevind het, en toestande wat bestaan of bestaan het. Daarteenoor behoort dit wat ons van die toekoms sê, nie tot die terrein van feitelike gebeure nie: ons spreek ons voorneme, wil, verwagting, veronderstelling, ensovoorts. uit (De Villiers 1971:16)

Bogenoemde verskynsel kan as modaliteit opgesom word. Modaliteit kan verklaar word as die sin se karakter wat in terme van 'n feit, 'n begeerte of 'n veronderstelling, ens. uitgedruk word (De Villiers 1971:81).

Daar kan egter sekondêre onderskeidings gemaak word wat voorgestel kan word deur onderstaande tabel 1:

Verlede	Teenwoordige	Toekomende
Voor/Na		Voor/Na

Tabel 1: Die sekondêre tye wat met die teenwoordige, verlede en toekomende tyd saamhang

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die Afrikaanse taal in hierdie drie tydsforme ingedeel kan word. So eenvoudig is dit nie. Soms het die skrywer die behoefte om die leser mee te deel dat een gebeurtenis voor 'n ander een in die verlede plaasgevind het byvoorbeeld:

- 1) Hy het die pistool gelaai (A) en toe het hy geskiet (B).

In hierdie sin het A eers gebeur en toe volg B. Hier word A dan volgens De Villiers (1971:17) beskryf as die voorverlede of voltooid verlede gesien vanuit die verlede van die skietery. Hy voer verder aan dat die onderskeiding van die voorverlede en die verlede tyd veral voorkom wanneer twee handeling of toestande in die verbonde sinne, byvoorbeeld hoofsin en bysin, genoem word. Nog 'n onderskeid wat getref kan word, is wanneer iemand vanuit 'n tydstip in die verlede na die toekoms kyk. Daardie toekoms volgens De Villiers (1971:17) kan ook in die verlede staan. Dit staan dan bekend as die verlede toekomende tyd byvoorbeeld:

- 2) Hy het gewonder wat hy sou doen as die tyd kom.

Volgens De Villiers (1971:18) is die verlede toekomende tyd nie 'n suiwer tydsbegrip soos dit hierbo in die voorbeeldsin uiteengesit is nie, want "... die behoefte van 'n spreker om dit voor te stel geld veral vir dié geval waar iemand in die verlede voornemens, verwagtings, wense, beloftes ens. (ten opsigte van die toekoms) gehad het. Dan is die toekomsbegrip (in die verlede) vermeng met die modale begrip." Daar is dikwels die implikasie dat die wens of verwagting nie vervul is nie en De Villiers meen dat 'n mens met 'n onwerklikheid te make het en dat jy die reg het om van sulke gevalle te sê dat hulle nie werklik tyd aandui nie.

Ten opsigte van die toekomende tyd soos uitgebeeld in die diagram hierbo kan daar 'n onderskeid getref word tussen die volgorde van twee gebeurtenisse:

- 3) Nadat jy hom gebel het, sal jy die probleem oplos.

Volgens De Villiers (1971:18) vind ons hier die voltooid toekomende tyd, wat vergelykbaar is met die voorverlede tyd. Die tydsvorm word dikwels uitgedruk deur die gebruik van het + deelwoord:

- 4) (Hy sal kom) sodra hy sy huiswerk voltooi het.

Dit is vreemd dat die voltooid verlede tyd en die voltooid toekomstige tyd dieselfde vorm aanneem, maar beide het die gemeenskaplike kenmerk dat dit voorafgaande handeling uitdruk.

Uit bostaande opmerkings is dit dus duidelik dat die teenwoordige tyd geen objektiewe duur het nie en dat daar ook geen vaste grense tussen die verlede en die hede of die toekomstige en die hede is nie. Die onderskeid is dus nie baie duidelik nie. De Villiers (1971:19) voel dat die tye se grense so onbepaalbaar is dat tabel 1 wat hierbo weergee is om die verskillende tydsforme aan te dui, eerder soos volg daar moet uitsien:

<u>Verlede tyd</u>		<u>Teenwoordige tyd</u>		<u>Toekomstige tyd</u>	
Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na
Voor verlede	Verlede toekomstige	Verlede	Toekomstige	Voltooid toekomstige	

Tabel 1a: Die verhouding tussen verskillende sekondêre tye.

As slotsom kan daar dus van die veronderstelling uitgegaan word dat tyd geen vaste grense het nie en dat die teenwoordige, verlede en toekomstige tyd relatief tot mekaar is.

De Villiers (1971:45) wy 'n hele hoofstuk aan die aanduiding van die teenwoordige, die verlede en die toekomstige tyd in Afrikaans. Die teenwoordige tyd word meestal aangedui deur die presens, alhoewel die presens soos bo gesien ook in ander kontekste gebruik kan word. Soms word die presens so deurlopend in 'n vertelling gebruik dat die indruk van tydeloosheid (met ander woorde die uiting is vir alle tye toepaslik) ontstaan, want hier word veralgemenings oor toestande, verhoudings en herhaalde gebeure wat skynbaar oor 'n langerige tydperk strek en nie spesifieke gebeure beskryf nie, meegedeel. Dit sluit ook soms deur die vertelling die verlede en dele van die toekoms in. Die presens en perfek se vorme van die gewone werkwoord verteenwoordig basies 'n teenstelling van aanwesigheid en afstand. Met ander woorde die presens is die aanwesige/ teenwoordige tyd, waar die perfek die tyd op 'n afstand is, met ander woorde die verlede tyd. As die presens wel vir die verlede gebruik word, het dit 'n stilistiese uitwerking deur gebeure as teenwoordig voor te stel soos gebeur in die geval van die historiese presens (De Villiers 1971: 35).

Die verlede tyd word volgens De Villiers (1971:47) gekenmerk deur die gebruik van die perfek, bywoorde soos byvoorbeeld *toe* en sekere sinsnedes soos byvoorbeeld *verlede week*. In Afrikaans word dit nie deur een spesifieke tydsvorm aangedui nie. Grotendeels word dié tydsvorm uitgedruk deur die perfek en in 'n mindere mate die imperfek. Die presens word egter soos reeds hierbo aangedui ook gebruik as stilistiese middel om die verlede tyd te verwoord in vertellings en dit staan bekend as die historiese presens.

Die soort bysin speel ook 'n rol wanneer daar na die tempusgebruik in Afrikaanse vertellings gekyk word. In saamgestelde sinne kan die Afrikaanse presens volgens De Villiers (1971:50) vertolk word as 'n aanduiding van gelyktydigheid met die tyd van die

toonaangewende sin of sinne. Met ander woorde as die toonaangewende sin na die verlede tyd verwys, kan ons die presens van die bysin beskou as eweneens betrokke op die verlede. As dit so aanvaar word dan is dit logies dat die perfek in hierdie bysinne voorafgaande gebeure of voltooidheid aandui. In sinne oor die verlede dui die perfek die voorverlede aan.

Die soort bysinne volgens De Villiers (1971:51) waarin die presens gelyktydigheid en die perfek voltooidheid aandui, sluit die onderstaande tipes in:

1. Naamwoordelike bysinne, veral voorwerpsinne
2. Bysinne ingelei deur die voegwoorde *toe, terwyl, as* en sinonieme
3. Bysinne ingelei deur *asof*
4. Egte bywoordelike bysinne
5. Ander tipes

Soos uit die bogenoemde bespreking blyk, is die aandag daarop gevestig dat die historiese presens as stilistiese faktor in vertellings bepreek sal word. Vervolgens word die debat rondom die historiese presens as stilistiese tempusvorm in vertellings bespreek.



Hoofstuk 3: NARRATIEWE IN DIE HISTORIESE PRESENS

'n Vraag wat al meermale gestel is en waarop hier dieper ingegaan word, is of daar met betrekking tot vertellings 'n onderskeid getref kan word tussen byvoorbeeld 'n *historiese* presens en 'n *narratiewe* of *dramatiese* presens. Na 'n bespreking van enkele standpunte hieroor in die literatuur, word 'n moontlike korrelasie tussen presenstipe en werkwoordstipe kortliks ondersoek.

Volgens Meyer de Villiers (1971:61) word die presens soms in alle soorte sinne van 'n vertelling gebruik om die verlede tyd aan te dui. As die presens met 'n stilistiese doel in vertellings gebruik word, staan dit bekend as die historiese presens (HP). As definisie verwoord De Villiers dié tydsvorm as 'n “middel waardeur die betrokke handeling, gebeurtenisse of toestande aanskoulik of dramaties voorgestel kan word asof hulle nou voor ons oë staan of plaasvind.” Hierdie gebruik van dié tydsvorm gee die indruk dat die verteller hom binne daardie tydsruimte bevind en dit bring gebeure so ver weg van die leser gesitueer, nader, sodat die leser hom/ haar makliker met die omstandighede kan identifiseer. Fleischman beskryf dié tydsvorm as 'n “past-more-vivid” (1990:75).

Volgens haar is die HP 'n

technique for reporting events that are vivid and exciting, or for enhancing the dramatic effect of a story by making addressees feel as if they were present at the time of the experience, witnessing events as they occurred. Various grammarians have suggested that HP narrators become so involved in their stories that they recount the action as if they were reliving it simultaneously with its telling, or, alternatively, that they experience the events subjectively rather than viewing them objectively distanced in the past.

Such descriptions assume, moreover, that the HP renders the past more vivid by shifting events out of their original (past) time frame and into that of the act of narration (present). Past events “come alive” with the HP because it is formally identical to the tense used to mark situations as co-temporal with the speaker's now. (1990:75)

Die vraag of hierdie tydsvorm dan bloot nog steeds as die presens gesien moet word en of daar verwys moet word na 'n historiese/ dramatiese/ narratiewe presens bly egter nog onbeantwoord. Wat wel hier 'n belangrike rol speel in die bepaling van tempus en sy rol binne die vertelling, is die deiktiese raamwerk waarbinne die vertelling afspeel. Deiksis en die rol wat dit by die gebruik van tydsbywoorde en –bysinne speel, sal later 'n deeglike bespreking verg.

Jespersen soos aangehaal deur De Villiers (1971:62) voer aan dat die HP eerder as die *dramatiese presens* (DP) bekend moet staan:

The speaker in using it steps outside the frame of history, visualizing and representing what happened in the past as if it were present before his eyes. . . ., it serves to produce an artistic illusion. But however artistic the trick is, it must not be imagined that it is not popular in its origin; one need only listen to the way in which people of the humblest ranks relate incidents that they have witnessed themselves to see how natural, nay inevitable this form is.

De Villiers (1971:62) sluit hom by Jespersen aan en voer verder aan dat die deurlopende gebruik van die HP die indruk van die teenwoordige tyd skep en dat dit slegs uit die konteks of die logiese oorweging van die inhoud van die teks is dat afgelei kan word dat dit nie werklik 'n direkte verslag is van handeling wat aan die gang is nie, maar 'n vertelling van wat reeds gebeur het.

Volgens De Villiers (1971:63) moet ons ons voorstel dat 'n sekere tyd tussen die opvolgende afdelings verbygegaan het. Dié metode sluit by die tonele of bedrywe van 'n drama aan en die HP kan hier dan ook as 'n DP gesien word. Hy voer aan dat dit hier en daar in die taal deurskemer dat dit tog in die verlede tyd is en dat 'n tydsverloop plaasvind.

Die bywoord *toe* speel ook 'n deurslaggewende rol binne die HP. De Villiers verduidelik (1971:64) dat hiermee aangedui word hoe daar in vertellings wat deurgaans of byna deurgaans die HP gebruik, in die taal aanduidings van die verlede is, en hoe die verloop van tyd ook deur middel van die 'wit' die verloop van tyd tussen die afdelings, paragrawe of selfs binne sinne gesuggereer kan word. De Villiers (1971:65) beweer ook dat hierdie afwisseling van stylaarde meer algemeen voorkom in die verhalende gedeeltes van 'n vertelling. Volgens De Villiers (1971:67) dui die perfek binne die HP die voorverlede aan.

De Villiers (1971:67) wys verder daarop dat die gebruik van die presens staties van aard kan wees en dikwels by beskrywings voorkom. Hy kom tot die slotsom dat die HP se krag in die kontraswerking met die perfek lê, en dat die volgehoue gebruik van die presens in 'n vertelling die effek daarvan verswak.

Daar is reeds heelwat gesê oor die HP se gebruik in vertellings en daar is ook reeds verwys na Jespersen wat voorgestel het dat die HP eerder die DP genoem moet word. Fleischman in *Tense and Narrativity* (1990) raak ook aan hierdie debat oor wat dié gebruik van die presens in 'n vertelling genoem moet word.

Fleischman begin deur te sê dat dit die neutraliteit van die presens in terme van tyd is wat dié tydsvorm die toegang verleen om in die konteks van die verlede gebruik te kan word (1990:75). Sy beweer die volgende oor die HP:

Among investigators who have examined the diegetic PR [present] in various linguistic traditions, some reject the past-more-vivid interpretation on grounds that the most vivid or dramatic events of a story are often reported not in the PR tense but in a P [past] tense, conversely, that the PR is at times used for events that cannot be construed as salient. (1990:76)

Of bogenoemde in Afrikaans ook van toepassing is, sal weldra getoets moet word.

Om lig te werp op die verdere debat in Fleischman word daar vir 'n oomblik stilgestaan by die begrip "diegetic present". Volgens Fleischman is dié begrip 'n sambreelterm vir twee duidelik onderskeibare variëteite van die presens tydsvorm, beide wat die verlede as hulle tydsverwysingsraamwerk in 'n vertelling het, naamlik die sogenoemde HP en die *narratiewe presens* [NP]. Sy beweer verder dat die twee tye "contrast according to the

type of narrative text in which they occur and according to their distribution in the text.”(1990:376). Die NP is volgens Fleischman ’n verskynsel wat voorkom by vertellings wat mondeling oorgedra word, waar die tydsvorm afgewissel word met die verlede tydsvorm, terwyl die HP ’n “cultivated feature of planned written narratives that generally occurs in sustained sequence” is. Hieruit kan dus afgelei word dat die HP of die NP gebruik word na gelang van die narratiewe konteks.

Kiparsky, soos aangehaal in Fleischman (1990:376) is gekant teen hierdie benoeming van die presens as ’n “past-more-vivid”. Hy sien die diëgetiese presens soos dit voorkom in vroeë Indo-Europese tale as ’n tipe neutrale tempusvorm waarbinne die verteller rond beweeg, aangesien die verteller al klaar deur ’n vorige werkwoord bepaal het dat dit waaroor gepraat word in die verlede gesitueer is. Hy meen dit is oortollig om morfeme wat die verlede aandui te herhaal (bv. die Afrikaanse *het*) en daarom kry ’n mens hierdie vermenging van twee tydsvorme. Volgens Kiparsky word hierdie tempusvorm in vertellings as die presens gesien, maar met die verskyning daarvan in vertellings moet daar nie kenmerke daaraan geheg word nie soos byvoorbeeld dat dit meer dramatiese gedeeltes of lewendige gedeeltes voorstel of dat dit die verteller se empatie wek nie. Dit word bloot gebruik om oortollige sintaktiese frases te verminder.

Die begrip *diëgeties* moet egter nog duideliker verklaar word sodat bogenoemde verklarings rondom die historiese/ narratiewe presens meer sin maak. Om die begrip te verklaar, word daar na Fleischman se verduideliking van die begrip verwys in haar *Tense and Narrativity* (1990:367). Die begrip diëgesis hou verband met Plato se *Republiek* waar dit gebruiklik is om na sinne te verwys wat bekend staan as “narration proper” (vertelling as sodanig) - sinne wat met ander woorde bloot die funksie van ware storie-vertelling besit. Wanneer die begrip *diëgesis* na hierdie funksie verwys, kontrasteer dit aan die een kant met die direk aangehaalde gesproke taal wat mimeties van aard is (met ander woorde wat ’n nabootsing van werklike taal is) en aan die ander kant met kommentaar gelewer deur die verteller, wat beslis nie mimeties van aard is nie, want dit is nie ’n nabootsing van taal nie, maar taal op sigself. Dit is dan ook nie diëgeties nie, want dit verwys nie na die verhaal nie, maar na die verwysingsraamwerk van die verteller op die gegewe tyd van die verteller se uiting binne die vertelling.

In Fleischman (1990:77) word daar na Robert E. Longacre se ontleding van ’n narratiewe profiel in sy werk *An Anatomy of Speech Notions* (1976) verwys, veral met die aandag gefokus op dit wat hy noem “discourse peaks”, om ’n reaksie te lewer dat sekere van die belangrike gebeurtenisse in ’n storie uitgedruk word in die verlede/ perfek eerder as in die presens. Fleischman (1990:77) verduidelik dat enige taaluiting, hetsy mondeling of geskrewe soos in vertellings, nie uitgedruk word op een emosionele vlak nie. Daar is in die loop van die vertelling, hetsy mondeling of geskrewe, ’n afwisseling in opwinding en spanning. Soms is daar gedeeltes wat toenemend meer spanning of opwinding uitdruk net om weer af te neem. Hierdie afwisselings kom voor in globale kumulatiewe verwickelings om uiteindelik te help om die eindproduk te vorm. Longacre argumenteer dat dit “the peaks of discourse intensity” is “that mark out the ‘profile’ of a whole text that includes one or more such units”. Narratiewe pieke soos hierbo verduidelik, word gekenmerk deur die gebruik van sintaksis op verskeie maniere: herhaling en parafrases,

die insluiting van 'n massa detail wat nie deel vorm van die sogenaamde roetinevertelling nie en die “reversal of certain established correlations between grammatical forms and discourse functions”. Longacre beweer dat

Peaks, ... , typically emerge as zones of analytical difficulty in the linguistic analysis of texts precisely because *it is at these points that the “spectral lines” can shift* (Fleischman se kursivering): for example, verb forms that regularly signal a particular kind of information (more salient vs. less salient, events vs. description) may occur in a distribution other than that predicated from previous sections of the narrative.

As die presens in 'n teks gewoonlik geassosieer word met voorgrondplasing, en met evaluatiewe gedeeltes, en die verlede tyd met gebeure wat deel vorm van die nie-evaluatiewe materiaal en agtergrondplasing sal dit geensins verrassend wees om te sien hoe hierdie rolle omgeswaai word by sekere van die belangrikste gebeurtenisse van die verhaal (die sogenaamde “peaks” / pieke) wat soos Longacre dit stel “zones of linguistic turbulence” is nie. Bogenoemde uiteensetting van Longacre se argument verklaar miskien waarom dit vir die taalkundige so moeilik is om sekere tempusafwisselende gedeeltes binne die narratief te verklaar.

Fleischman beskryf die HP en die NP as “the same grammatical animal” (1990:78). Volgens haar het die NP sy ontstaan in die mondelinge oordrag van verhale van vroeë tye, terwyl die HP die geskrewe vorm hiervan is wat later van tyd ontstaan het toe verhale neergepen is. Hieruit kan daar dus afgelei word dat Fleischman 'n onderskeid tref tussen die HP en die NP, waar die een tot mondelinge vertellings beperk word en die ander tot geskrewe vertellings. Fleischman (1990:285) en De Villiers (1971:61) is dit eens dat die HP 'n stilistiese middel is wat by vertellings as tempusvorm aangewend word. Fleischman vra haar die volgende vraag af aangaande die gebruik van die HP: waar die presens die ongemerkte of mees algemene tydsvorm is vir 'n vertelling, kan dit nie ook funksioneer as 'n middel vir evaluasie en/ of voorgrondplasing nie? Wanneer dié tydsvorm gebruik word as basis in 'n vertelling, is die HP 'n middel vir voorgrondplasing of evaluasie. Die werking van die HP word volgens Fleischman (1990:285) as volg verklaar:

... a device to dramatize narration and render it more vivid. This view has validity insofar as it is founded on the visualizing property of the PR, which in ordinary language is primarily a descriptive tense, and on the ability of the PR to offer a mimetic representation of speech. These two properties together motivate use of the PR as a grammatical vehicle for performance, for *representation*. Less compelling is the second component of the traditional HP argument- that the effect of vividness produced but the HP derives from its ability to draw events out of the past and bring them into the present, since, other things equal, what is present is more salient than what is not present. Yet representation need not entail “presentification”.

Fleischman benadruk dit dat dit die presens se neutraliteit is wat dié tydsvorm toelaat om die verlede tyd te vervang (1990:286) Sy erken ook dat die begrip vir heelwat taalkundiges problematies is. Herring in Fleischman (1990:286) vind dié term misleidend aangesien daar nie noodwendig iets histories aan die gebruik van die tydsvorm is nie. Sy voer aan dat die HP 'n narratiewe middel is wat die basiese funksie besit om aan die verledetydsraamwerk te ontsnap en dat dit miskien beter sal wees om dit die “narrative un-past” te noem. Fleischman stem nie saam met hierdie stelling van Herring nie en merk

die volgende ten opsigte van die bekendstelling van die presens in 'n verlede tydvertelling op naamlik dat "(it) may compromise the homogeneity of the discourse by making it appear to be representation rather than narration." (1990:286). Dit is dan juis hierdie begeerte om voor te stel eerder as om bloot weer te gee ("chronicle") binne die konteks van 'n spesifieke vertelling wat die skrywer motiveer om die HP te kies.

Soos alreeds hierbo genoem, word die gebruik van die presens in vertellings aangewend as 'n stilistiese middel. Volgens De Villiers (1971: 56) word die presens dikwels in gesproke en geskrewe verhale gebruik en dit het altyd die uitwerking van 'n HP, dit wil sê dit stel gebeurtenisse voor wat die hoorder of leser as verby herken, *asof* (De Villiers se kursivering) hulle in die hede gebeur. Volgens De Villiers is die deurlopende gebruik van die presens in 'n vertelling nooit stilisties gelyk aan die imperfektum van byvoorbeeld Nederlands of Engels nie. Volgens hom het die presens in Afrikaans nie die imperfektum vervang nie en sal die volgehoue gebruik van die HP vir 'n leser van 'n vertelling vermoeiend wees.

Wat as 'n probleem ervaar word en wat verband hou met die debat oor wat die gebruik van die presens in 'n vertelling genoem moet word, glo ek is juis die verwisseling tussen die HP en die perfek. Wat hierdie tydsvorm dan genoem moet word, sal na 'n meer diepgaande ondersoek van narratiewe wat in die HP en perfek afwisselend geskryf is, bepaal word. Miskien kan daar in Afrikaans ook 'n onderskeid getref word tussen die presens as 'n HP en NP. Die vraag wat gevra moet word is: het dié tempusvorm nie 'n groter dramatiese effek binne die vertelling nie of het die aanwending van die HP 'n kwalitatiewe verskil binne die vertelling tot gevolg?

Met bogenoemde gegewens rondom die HP-debat gaan die verskille soos hierbo verwoord, vervolgens getabelleer word om die verskille duidelik voor te stel. Die kontrasterende eienskappe van die tabel sal dan aan die hand van Afrikaanse vertellings probeer verklaar word om te bepaal of daar in Afrikaans ook werklik 'n onderskeid getref kan word tussen die HP en die DP of die NP.

<u>Historiese presens</u>	<u>Dramatiese presens</u>
"artistic illusion" (Jespersen)	"past-more-vivid" (Fleischman)
gebeure wat nie as opvallend uitstaan (Fleischman)	dramatiese gebeure in vertelling (Fleischman)
agtergrondplasing	voorggrondplasing
nie-evaluatiewe gedeeltes	evaluatiewe gedeeltes "discourse peaks" (Longacre)
nie direkte verslag van handeling nie (De Villiers)	sekere tyd tussen opvolgende afdelings verbygegaan (De Villiers)
gekultiveerde eienskap van beplande	vertellings wat mondeling

geskrewe vertellings met “sustained sequences” (Fleischman)	plaasvind-mimeties van aard (Fleischman)
representation (Fleischman) (beskrywend)	narration (Fleischman) (vertellend)
statiiese werkwoord	aksiewerkwoord

Tabel 2: Oorsig van verskille tussen die HP en die DP/NP

Ten einde te bepaal of ’n onderskeid getref kan word tussen twee gebruikswyses van die presens in tekste met ’n verlede-deiksis, is vier teksuittreksels, met tydsvorme hoofsaaklik in die presens, geïdentifiseer wat onderskeidelik as stilisties beskrywend en stilisties dramatiserend beskou kan word.

Vervolgens word die vier tekste waarvan twee hoofsaaklik beskrywend van aard is en die ander twee hoofsaaklik dramatiserend van aard is, inhoudelik bespreek.

Teks 1 (*Sewe Dae by die Silbersteins*, Leroux 1980:9-10) is hoofsaaklik ’n beskrywing van ’n voorgenome huwelik, die uiterlike van ’n karakter, ’n plaas, sy argitektuur en die karakters se beweging deur die landskap. Hierdie gebeure word ruimtelik-beskrywend eerder as chronologies-handelend uitgebeeld.

Teks 2 (*Niggie*, Winterbach 2002:7-8) is ’n beskrywing van hoe die karakters tydens die Anglo-Boere-oorlog op ’n plaas aankom en saam met die boer aandete nuttig. Die plaashuis en die ete word beskryf. Die boer beskryf ook ’n vreemde droom wat hy gehad het aan die besoekers. In dié teks word die gebeure beskrywend uitgebeeld net soos in teks 1.

Teks 3 (*Vrou van die Stormnag*, Combrink 1983:1) handel oor die karakter se liggaamlike en emosionele onsteltenis, terwyl sy ’n nagmerrie het. Die natuur weerspieël in hierdie teks ook die karakter se emosionele ontsteltenis. Die karakter se diep-gewortelde haat vir ’n ander karakter word ook hier uitgebeeld. Hierdie teks se gebeure word chronologies-handelend uitgebeeld.

Teks 4 (*Die Dodelike Harlekyn*, Sassen 1982:3-4) is ’n karakter se ooggetuie-weergawe van ’n moord op sy mede-karakter en sowel die publiek as die karakter wat dit waarneem se reaksie daarop. Hierdie gebeurtenis word chronologies-handelend aangebied.

Uit hierdie oorsigtelike stilistiese bespreking is dit duidelik dat tekste 1 en 2 hoofsaaklik beskrywend en tekste 3 en 4 hoofsaaklik dramatiserend is.

Vervolgens word die aanwending van presensvorme in elk van die tekste bespreek. Met hierdie ontleding van die vier verskillende tekste word gepoog om ’n onderskeid te tref tussen ’n meer beskrywende, statiiese gebruik van die presens, wat die *historiese presens* genoem kan word, en ’n presens wat gebruik word om ’n opeenvolging van gebeurtenisse

aanskoulik voor te stel asof dit in die hede plaasvind en daardeur te dramatiseer of te verlewendig, wat ons die *dramatiese* of *narratiewe* presens kan noem.

Die fokus in hierdie ontleding val dan op die werkwoordkerne van 'n sin, met ander woorde die enkelwerkwoord of gestruktureerde groepe werkwoorde wat telkens die kern van 'n hoof- of bysin uitmaak. Hierdie werkwoordkerne kan van mekaar verskil deur *in die konteks* 'n meer “statiese” of meer “dinamiese” funksie te hê. Deur na die werkwoordelike funksie te kyk, word daar dan gepoog om te bepaal of daar 'n onderskeid getref kan word tussen die historiese presens en die dramatiese presens.

Waarnemingswerkwoorde, soos *voel, sien, bemerk*, en koppelwerkwoorde soos *is, lyk, voorkom*, is byvoorbeeld tipies staties van aard, terwyl bewegingswerkwoorde soos *hardloop, bestuur, dra, skree, verander* weer tipies dinamies van aard is.

Werkwoordkerne met modale werkwoorde, byvoorbeeld *moet verander, kan bestuur*, asook sommige skakelwerkwoorde soos *probeer sing, bly lê*, kan deur die modale fokus 'n statiese eerder as 'n dinamiese funksie hê. Hierdie statiese en dinamiese funksies van werkwoordkerne is nie noodwendig altyd skerp onderskeibaar nie en 'n teks moet van een kern na 'n volgende – veral in die hoofsinne, waar voorgrondinligting verwag word – sowel *semanties* as *kontekstueel* beoordeel word. Daar is moontlik ook 'n kontinuum tussen beskrywende en narratiewe tekste, enersyds, en statiese en dinamiese werkwoordkerne, andersyds; dus ook tussen die historiese en die dramatiese presens.

Teks 3.1 – Sewe Dae by die Silbersteins.

Die Van Eedens het gevoel¹ dat dit haas tyd is² dat hulle enigste seun in die huwelik moet tree³ met iemand wat in ander opsigte hulle stand waardig is⁴. Die jong man is, goddank, wêreldwys genoeg grootgemaak⁵ om te besef dat liefde slegs as 'n laaste instansie op die spel kom⁶. Die naam Salome is genoem⁷ en na openhartige oorweging as aanneemlik verklaar. 'n Oom van die betrokke spruit is gekies⁸ om die nodige aanvoorwerk te doen en, waar nodig, behulpsaam te wees in hierdie delikate kwessie van 'n sosiale kontrak teen die agtergrond van onvoorspelbare menslike verhoudings. Die naam van die oom is⁹ J.J. van Eeden, 'n vrygesel en boulevardier; die naam van die jongman, Henry.

Hulle is¹⁰ *op hierdie oomblik* op pad na die Silbersteins, waar hulle 'n week sal deurbring¹¹. J.J. het¹² 'n tweedpak aan met bypassendhede soos pyp, tabak, sysakdoek en serp. In sy onmiddellike nabyheid is¹³ daar die geur van dennenaalde. Henry bestuur¹⁴ die Riley met argloosheid waarin dit moeilik is¹⁵ om geluk van behendigheid te onderskei. Die Bolandse landskap van wingerde, berge, bome en gesellige riviertjies dra alles by¹⁶ tot die décor. Hulle nader¹⁷ spoedig die landgoed wat aan die bo-ent van 'n vallei geleë is¹⁸.

Die ingangspoort bestaan¹⁹ uit twee enorme, witgeverfde pilare, aan weerskante verbind met ewe wit geverfde ringmure wat soos twee arms die aardse besittings van die Silbersteins tot teenaan die horison omhels²⁰. Die plaas se naam is op 'n raamwerk van vlekvrystaal aangebring²¹, die letters is²² van yster, die letteraard Goties, die legende: Welgevonden. Die pad na die huis is geteer²³ en slinger²⁴ berekend tussen ou Kaaps-Hollandse Jonkheerhuise aan die een kant en ou Kaaps-Hollandse stalle aan die ander kant. Die deure lyk²⁵ op stinkhout, die dakke is vars gedek²⁶ en opgeslaan²⁷, die gewels trapsgewys met rondings bo, die versiersels, druiwemotiewe, Eros-babas en horings van vrugbaarheid. Die gewel van die herehuis self is²⁸ 'n gedig van krulle, golwings en wit kalk. Daar is²⁹ interessante hoekies en gangetjies wat nêrens heen lei³⁰ nie, en leertjies van ou hout wat na solderkamers wys³¹, en kolossale betonblokke met dwarsbalke vir druiwepriële, en swaar houtdeure met swaar bronskoppe en ornamentele kloppers. (Leroux 1980:9-10)

Uit die gegewe uittreksel word die duidelikheid van die presens se gebruik beklemtoon deur die gebruik van die bywoordgroep *op hierdie oomblik*. Met die gebruik van hierdie bywoordgroep word die verteller deikties nader aan die gebeure geplaas. Die eerste inleideinde gedeelte berus hoofsaaklik op die gebruik van statiese werkwoorde. Volgens die gegewens in Tabel 2 hierbo is die gebruik van statiese werkwoorde wat beskrywende gedeeltes verwoord of soos Fleischman dit stel “representation” uitdruk stereotiep aan die historiese presens. Die presens wat as ongemarkeerde tyd aanvaar word, word gebruik om gebeure wat in die verlede plaasvind uit te druk. Alhoewel *kom* (nr 6) ’n bewegingswerkwoord is, word die werkwoordkern in die figuurlike sin van die woord gebruik en daarom na aanleiding van die konteks as staties geëtiketteer.

Met die gebruik van bogenoemde setselgroep *op hierdie oomblik* is daar ’n dinamiese verskuiwing in die vertelling. Dit is dan ook in hierdie gedeelte waar daar ’n paar dinamiese werkwoorde voorkom.

In die onderstaande tabel word die statiese en dinamiese werkwoordkerne getabelleer om op die bogenoemde gegewens lig te werp. Uit hierdie tabel kan ook gesien word dat van die 361 woorde 31 woorde werkwoorde is, met ander woorde 8.6% van die teks bestaan uit werkwoorde. 23 (6.4%) van hierdie werkwoorde is in die presens. Van hierdie 23 werkwoorde is 78% staties van aard en 22% dinamies van aard. Daar kan dus aangeneem word dat hierdie gedeelte hoofsaaklik uit statiese werkwoorde bestaan wat die beskrywende teks ondersteun.

Statische werkwoordkerne	Dinamiese werkwoordkerne
is x 10	bestuur
moet tree	nader
kom	omhels
sal deurbring	slinger
het	lei
bydra	
bestaan	
lyk	
wys	

Tabel 3: Werkwoordstipes in teks 3.1

Vervolgens word na ’n uittreksel uit *Niggie* (2002) gekyk wat ook beskrywend van aard is om te bepaal of soortgelyke werkwoorde ’n invloed op die tempusvorm het.

Teks 3.2 – Niggie.

Hulle **kom** teen sonder op die plaaswerf **aan**¹.

Dit **lyk**² verlate, maar die honde **blaf**³, en die boer **kom** hulle spoedig **tegemoet**⁴. Hy **nooi** hulle **binne**⁵, sodra die perde **versorg** is⁶.

Hy **dring** daarop **aan**⁷ dat hulle saam met hom **moet eet**⁸. Hulle **vra**⁹ of hulle voor aandete **mag was**¹⁰. In hulle huidige toestand **kan** hulle aan geen behoorlike tafel **aansit**¹¹ nie. In die kombuis **blaas** die boer die vuur energiek maar sorgsaam **aan**¹². Sy vrou **is**¹³ drie maande gelede oorlede, **sê**¹⁴ hy. Hy **sal** hulle die graf môre **gaan wys**¹⁵ – as hulle **belangstel**¹⁶. Hulle **eet**¹⁷ die vleis en die swaar wit brood met konfynt. Hulle **eet**¹⁸ gulsig; **kan** nouliks genoeg **kry**¹⁹. Na ete **skink**²⁰ die boer versigtig vir elkeen ’n afgemete skeut brandewyn by die koffie. Die gevoel van weldadigheid **sprei**²¹ deur hulle liggame. Die huis **is**²² nie groot nie, maar daar **is**²³ ’n keurigheid in die manier waarop elke voorwerp **geplaas is**²⁴, wat **dui**²⁵ op ’n vrouehand. Reitz **sien**²⁶ hoe versigtig die boer alle voorwerpe en oppervlakke na gebruik **skoon maak**²⁷. Met ’n soort talmende verlangete. Asof hy iets **onthou**²⁸ by die neersit van iedere voorwerp. “My vrou **was**²⁹ ’n puntenerige mens,” **sê**³⁰ hy, laataand. Dit **is**³¹ nie duidelik of hy dit verskonend of verduidelikend **sê**³² nie. Hy **skink**³³ nog koffie, nog versigtige skeute brandewyn. Nog later **vra**³⁴ hy of hy hulle ’n droom **kan vertel**³⁵ wat hy die nag vantevore **gehad het**³⁶. Willem **knik**³⁷ instemmend namens hulle almal. Hy **het gedroom**³⁸, **sê**³⁹ die boer, van die triekstervrou – hy **het** altyd **gedink**⁴⁰ dit **is**⁴¹ ’n man, maar in die droom **was**⁴² dit ’n vrou. Daar **was**⁴³ ’n klomp mense rondom die dorpskerk vergader. Hy **het** niemand **herken**⁴⁴ nie. Toe **sien**⁴⁵ hy ’n vrou wat hy **ken**⁴⁶. Haar hare **is**⁴⁷ rooi, haar gesig witgepoeier en sy **dra**⁴⁸ ’n verehoedjie. Hy **kan** nie **begin**⁴⁹, **sê**⁵⁰ die boer, om die aanvalligheid van daardie hoedjie te beskryf nie. Dit **was**⁵¹ sag soos die vlerke van ’n berghaan. Met ’n flits van blougroen daarin. Hy en die vrou **beweeg** mettertyd **weg**⁵² van die mense, na ’n kamer met ’n bed. Toe dit **blyk**⁵³ dat dit tyd vir saamlê **is**⁵⁴ en hy **strek** sy arms na haar **uit**⁵⁵, toe **is**⁵⁶ daar skielik in haar plek ’n wildvreemde man, en sy **lag**⁵⁷ buite op die stoep. Toe **weet**⁵⁸ hy, dit **was**⁵⁹ die triekster. (Winterbach 2002:7-8)

Dit is ’n beskrywende vertelling, alhoewel daar tog by die oorvertel van die boer se droom geneig word na ’n verhalende/vertellende gedeelte – ’n “narration” soos Fleischman dit stel. Met die eerste sin word die leser daarop attent gemaak dat die HP aangewend word in die vertelling deur die gebruik van die setselgroep *teen sonder*. Volgens Spruyt (2000:39) kan elke gebeurtenis deur die gebruik van die HP geïnterpreteer word asof dit met die spraakgebeure ooreenkom soos uit Teks 2 gesien kan word. Dit kan dus as ’n soort ooggetuieweergawe beskou word. Deur die teenwoordige tyd te gebruik, beskryf die spreker/skrywer die gebeure asof hy dit “sien” gebeur. Soos uit die onderstaande tabel gesien kan word, maak die koppelwerkwoord *is* sy verskyning agt keer (nrs 13, 22, 23, 31, 41, 47, 54 en 56). Met die uitsondering van nr 13 ondersteun dié koppelwerkwoord die beskrywende teks. Nommer 13 is egter binne die konteks van die direkte rede geuiter en kan as ’n algemene stelling aanvaar word.

Hierdie teks is meer problematies as Teks 2.1. Aangesien dit wel ’n beskrywende uittreksel is, beskryf dit nie net die onmiddellike omgewing nie, maar ook die karakters se gevoelens. In vergelyking met Teks 2.1 bevat Teks 2.2 egter ’n groter persentasie dinamiese werkwoorde. Van die 388 woorde in hierdie teks is 59 (15%) woorde werkwoorde. Van die 59 werkwoorde is 48 (81%) werkwoorde in die presens. 50% van hierdie werkwoorde is staties, 50% is dinamies soos in onderstaande Tabel 4 gesien kan word.

Met die gebruik van *toe* word ’n ander dinamika aan die vertelling geskenk. Die gebruik van *toe* hang juis saam met die boer se vertelling van sy droom wat hier hoofsaaklik deur

die preteritum uitgedruk word aangesien dit sy direkte vertelling is al staan dit nie in aanhalingstekens nie. Die een gebeurtenis volg die ander op soos wat die droom verwoord word. Dit is hier waar Fleischman se “narration” na vore kom. Die verhalende gedeelte kom meer dinamies voor en volgens die gegewe tabel sal die presens wat in dié gedeelte gebruik word ’n NP of DP genoem word. Volgens gegewens in die tabel hierbo beskik die DP of NP oor die vermoë dat in dinamiese, verhalende gedeeltes eerder van aksiewerkwoorde gebruik gemaak word. In hierdie uittreksel kom die statiese en dinamiese werkwoorde ewe veel voor.

Statische werkwoordkerne	Dinamiese werkwoordkerne
lyk	aankom
moet eet	blaf
mag was	tegemoetkom
kan aansit	binnenooi
is x 8	aandring
sal gaan wys	aanblaas
belangstel	eet x 2
kan kry	skink x 2
dui	sprei
sien x 2	skoonmaak
onthou	knik
kan vertel	dra
ken	wegbeweeg
kan begin	uitstrek
blyk	lag
weet	vra x 2
	sê x 5

Tabel 4: Werkwoordstipes in teks 3.2

Vervolgens word daar na ’n uittreksel uit *Vrou van die Stormnag* (1983) gekyk waarvan die werkwoordgebruik hoofsaaklik meer dinamies van aard is.

Teks 3.3 – *Vrou van die Stormnag*.

Jeanie **kreun**¹ en **rol om**², deur die krakende gebou uit haar skimmelslaap gewek. Met haar tong **druk**³ sy vog oor haar droë, koorsige lippe. Haar liggaam **trek ineen**⁴. Die vlamme ... Sy **sien**⁵ hoe die perd op sy agterpote **steier**⁶ ... **hoor**⁷ weer die sataniese gelag van die mooi man ... Maman! Die gil! Maman **gil**⁸ toe hy haar op die perd **ruk**⁹ ... Vreesbevange **kruip**¹⁰ sy dieper onder die kombers in.

Buite **tier**¹¹ en **loei**¹² die noordewind onverpoos voort, **ruk**¹³ om die hoeke van die Samaritaanse Kinderhuis, **stoot** in hierdie *Junie-nanag van 1869* met matelose drif in die buik van Tafelberg **vas**¹⁴. In die hawe **sweep** dit die branders **op**¹⁵ en **slinger**¹⁶ hulle uit oor die hoog uitgestrekte bootjies.

Êrens **kap**¹⁷ ’n los luik met ’n slag teen ’n raam.

Jeanie **kreun**¹⁸ weer. Maar dan **sus**¹⁹ die geritsel van die reën teen die ruite haar en **dommel**²⁰ sy weg in 'n onrustige slaap. En in die slaap **probeer** sy **vlug**²¹! Haar liggaam **is**²² verlam! “Pappa. ...” **prewel**²³ sy.

Die vlamme ... **Kyk**²⁴ hoe rooi **is**²⁵ die nag ... Hy **lê**²⁶ met sy kop skeef gekantel teen die klipmuur. Stadig **kruip**²⁷ die bloed teen sy wang af. Die bloed ... O, die bloed ...

Maar die volgende oomblik **oorheers**²⁸ die waansinnige oë haar gedagtes. Uitpeuloë en 'n donker gat waar sy mond **is**²⁹ ... sy gesig wreed **vertrek**³⁰ in die lig van die flikkerende lamp ... En hy **soek**³¹ na haar ...

Hy **wil** haar **doodmaak**³². Hy **soek**³³ na haar ... Sy **probeer weghardloop**³⁴ ... Maar sy **is**³⁵ lam ... Sy **tuimel**³⁶ ... sy **val**³⁷ ... **val**³⁸ ...

'n Senuskok **ruk**³⁹ haar orent. “Maman!” **roep** sy pleitend **uit**⁴⁰.

Jeanie **wikkel**⁴¹ terug sodat die kussings haar rug **beskut**⁴², en **kyk**⁴³ met wilde starende oë blind die donkerte in.

“Jeanie! **Word wakker**⁴⁴!” Iemand **ruk**⁴⁵ aan haar. “Jy **droom**⁴⁶ al weer.”

'n Bly huilgeluid **ontglip**⁴⁷ Jeanie se lippe. Dit **is**⁴⁸ Getruida. Dit **is**⁴⁹ Getruida se stem! Stadig **kom**⁵⁰ sy tot haar sinne.

En die haat vir Hendrik Brand **wil** haar eensklaps **oorweldig**⁵¹. Maman! Tien jaar lank **is** sy **vasgekluiser**⁵². En dit **is**⁵³ sy skuld! Hy **het belowe**⁵⁴! Hendrik Brand **het belowe**⁵⁵ hy **kom**⁵⁶ weer! En hy **het** haar **bedrieg**⁵⁷! Sy **haat**⁵⁸ hom! O sy **haat**⁵⁹ hom! (Combrink 1983:1)

In teks 3.3 word die bywoordgroep *hierdie Junie-nanag van 1869* gebruik om die gebeure in die verlede te situeer en sodoende die gebruik van die HP te belig. Aangesien die verteller die gebruik van *hierdie* bo *daardie* gekies het, skuif die verteller die leser deikties nader aan die gebeure. Die gebruik van *hierdie* in samewerking met die HP laat die leser nie so ver verwyderd van die gebeure staan as wat sou gebeur het as die preteritum en *daardie* gebruik is nie. Die hele uittreksel is in die presens geskryf. Fleischman se “narration”, met ander woorde dit wat sy verklaar as vertellende gedeeltes is hier op die voorgrond. Alhoewel daar in hierdie gedeelte ook van beskrywings gebruik gemaak word ten opsigte van die omgewing, is die vertelling meer geskoei op dit wat die betrokke karakter ervaar. Met die gebruik van die bywoord *dan* na werkwoord 18 bring dit 'n wending na vore wat ondersteun word deur die gebruik van die statiese werkwoorde wat daarna volg.

Hierdie teks bestaan uit 366 woorde waarvan 59 (16%) werkwoorde is. Van dié 59 werkwoorde is 55 (93%) in die presens. 33 % van die werkwoorde is staties en 67% van die werkwoorde is dinamies soos in Tabel 5 hieronder gesien kan word. Die 67% dinamiese werkwoorde hang saam met die vertellende gedeelte van die verhaal en tree ooreenstemmend op met die gegewens in Tabel 2 hierbo.

Statische werkwoordkerne	Dinamiese werkwoordkerne
sien	kreun x 2
hoor	omrol
probeer vlug	druk
is x 7	ineentrek
kyk x 2	steier
lê	gil
wil doodmaak	ruk x 4
probeer weghardloop	kruip x 2

beskut	tier
word wakker	loei
wil oorweldig	vasstoot
	opsweep
	slinger
	kap
	sus
	dommel
	oorheers
	vertrek
	soek x 2
	tuimel
	val x 2
	uitroep
	wikkel
	ontglip
	kom x 2
	haat x 2
	prewel
	droom

Tabel 5: Werkwoordstipes in teks 3.3

Die Dodelike Harlekyn se uittreksel bevat ook aansienlik meer dinamiese werkwoorde soos uit die onderstaande ontleding te voorskyn kom.

Teks 3.4 – Die Dodelike Harlekyn.

In die oomblik van verdwasing wat **volg**¹, **sien**² Conrad die harlekyn weer. Hy **sien**³ die onnatuurlike wit gesig soos droë perkament agter sy vriend se liggaam. Hy **sien**⁴ die toingrige geel wolhare wat onder die gepunte mus **uitsteek**⁵; die rooi neus soos 'n oorryp tamatie. Hy **sien**⁶ die besmeerde oë, die wit handskoene en die wye kostuum met die breë val om die nek en die rooi kolle op die wit materiaal. Rooi kolle, soos die bloed wat nou skuimerig om Abri se lippe **borrel**⁷.

Abri **probeer praat**⁸, **roggel**⁹ en **snak**¹⁰ na sy asem en nog bloed **dam** in sy mond **op**¹¹. Dan **is**¹² hy stil. Hy **sak**¹³ baie stadig vooroor op die sand voor Conrad se voete. **Bly** daar in 'n bondel **lê**¹⁴ met 'n vismes waarvan net die bruin houtheft tussen sy blaaië **uitsteek**¹⁵. Die skrikwekkende rooi kol op sy blou hemp **sprei** stadig **uit**¹⁶ soos rooi ink op kladpapier.

“My hemel! Abri!” Conrad **hurk**¹⁷ langs hom, **gryp** die slap skouers in sy groot hande **vas**¹⁸ en **draai** hom op sy rug **om**¹⁹. Abri se oë **word**²⁰ reeds glasig. Sand **het** met die bloedskuim aan sy mond **vermeng**²¹.

Die werklikheid **kom terug**²² wanneer 'n vrou hier langs hulle hard bokant die ander stemme **uitgil**²³. Hy **kyk op**²⁴ en **merk**²⁵ hoe nuuskieriges ineens **saamdrom**²⁶ en deurmekaar **praat**²⁷ en **uitroep**²⁸ omdat hulle die gebeure nie **snap**²⁹ nie, nie **kan verwerk**³⁰ nie. Maar die moord onder die fel son, die bloed wat klewerig aan die sand **raak**³¹, **trek**³² hulle soos miere na 'n stroopblik toe aan.

Vir Abri **kan** hy niks meer **doen**³³ nie.

Hy **spring op**³⁴ en **stoot** 'n pad tussen die mense **oop**³⁵. Ver vorentoe **sien**³⁶ hy die wit en rooi kolletjieskostuum vinnig **weghardloop**³⁷. Een maal **kyk**³⁸ die dodelike harlekyn oor sy skouer, **staan**³⁹ sy wit gesig tussen die bondels mense afgeëts. Dan **raak** hy **weg**⁴⁰.

“**Keer**⁴¹ die vuilgoed!” **skree**⁴² Conrad magteloos. “Daar **gaan**⁴³ hy! **Keer**⁴⁴ hom dat hy nie **wegkom**⁴⁵ nie!”

Hy **druk**⁴⁶ tussen die swetende liggame deur, **stamp**⁴⁷ en **stoot**⁴⁸ teen mense aan. Hy **ruik**⁴⁹ die sweet om hom en sonbrandolie en ou parfuum. En hy **strompel**⁵⁰ vorentoe, agter die figuur aan wat hom **bly ontwyk**⁵¹. Wanneer hy uiteindelik die teerstraat bokant die strand **bereik**⁵², **is**⁵³ daar geen teken van die moordenaar nie. (Sassen 1982:3-4)

In hierdie gedeelte is daar 53 werkwoorde uit die 376 woorde, met ander woorde 14% van die teks bestaan uit werkwoorde. 98% van die werkwoorde is in die presens. 40% van die werkwoorde is staties en 60% van die werkwoorde is dinamies soos in die onderstaande tabel gesien kan word.

Statiese werkwoordkerne	Dinamiese werkwoordkerne
sien x 5	uitsteek x 2
probeer praat	borrel
is x 2	roggel
bly lê	snak
word	opdam
kyk x 2	sak
merk	uitsteek
snap	uitsprei
kan verwerk	hurk
raak	vasgryp
kan doen	omdraai
staan	terugkom
ruik	uitgil
bly ontwyk	saamdrom
bereik	praat
	uitroep
	trek
	opspring
	oopstoot
	weghardloop
	wegraak
	skree
	gaan
	wegkom
	druk
	stamp
	stoot
	strompel
	keer x 2
	volg

Tabel 6: Werkwoordstipes in teks 3.4

'n Vergelyking tussen al vier die tekste se dinamiese en statiese werkwoorde sien daar soos volg uit:

staties	dinamies	staties	dinamies
2.1 78%	22%	2.2 50%	50%
N=18	N=5	N=24	N=24
2.3 33%	67%	2.4 40%	60%
N=18	N=37	N=21	N=32

Tabel 7: 'n Vergelyking van werkwoordstipes in vier ontlede tekste

In bogenoemde Tabel 7 word die gebruik van statiese en dinamiese werkwoorde uit al vier die tekste vergelyk. Teks 3.1 is beskrywend van aard asook teks 3.2. Die afleiding kan gemaak word dat teks 3.1 wat deur middel van die presens verwoord word, maar tog in die verlede afspeel, beskrywend ervaar word as gevolg van die meerderheid van die presensvorme wat semanties staties van aard is. Alhoewel teks 3.2 beskrywend van aard is, wyk die teks van die afleiding af, aangesien dié beskrywende teks 'n gelyke hoeveelheid statiese en dinamiese werkwoorde het. Teks 3.3 en teks 3.4 is vertellend van aard. Die afleiding kan gemaak word dat 'n teks soos bogenoemde twee as dramatiese vertellings ervaar kan word op grond van die feit dat die meerderheid presensvorme semanties dinamies van aard is. Die moontlikheid bestaan dus om in Afrikaanse vertellings 'n onderskeid te tref tussen twee presenstipes op grond van die semantiek van die presenswerkwoorde. Dit is egter net 'n steekproef en 'n vollediger ondersoek is nodig om die afleiding te staaf. Hierdie onderskeid speel egter nie verder 'n rol in dié studie nie en daar sal daarom voortaan na dié gebruik van die presens verwys word as die *historiese presens*.

Daar is na aanleiding van die bespreking van die vier tekste nie 'n duidelike grens tussen die twee vorme nie, aangesien beide presenstydsvorme van dinamiese en statiese werkwoorde gebruik maak en dat die inhoud van vertellings dikwels beskrywend en verhalend van aard is soos in teks 3.2 gesien kan word. Die verskil tussen dié twee vorme kan eerder as 'n kontinuum gesien word aangesien daar 'n deurlopende verband tussen die twee vorme te sien is.

In Afrikaans word die preteritum ook aangewend om vertellings te verwoord. In hoofstuk 4 word vertellings wat van hierdie tydsvorm gebruik maak, bespreek.

Hoofstuk 4: NARRATIEWE IN DIE PERFEK EN IMPERFEK (PRETERITUM)

Vervolgens sal daar gekyk word na vertellings wat geskryf is in die perfek en die imperfek en wat vir die doel van hierdie bespreking saam as die preteritum bekend sal staan. Alvorens daar na die gegewe tekste gekyk word as voorbeelde van vertellings in die preteritum, word hier net op 'n paar punte gewys ter inleiding.

Die verlede tyd in Afrikaans kan op verskillende maniere aangedui word waarvan een daarvan alreeds in die vorige hoofstuk bespreek is naamlik, die aanwending van die historiese of dramatiese presens. Die ander is deur die aanwending van die perfek in vertellings soos in hierdie hoofstuk bespreek gaan word asook die gebruik van tydsbywoorde wat later 'n volledige bespreking op sy eie sal verg.

Volgens De Villiers (1971:47) kan die perfek as die saaklike vorm vir die aanduiding van die verlede tyd beskou word. Met die saaklike vorm bedoel hy dat dit 'n middel is sonder enige meegaande stilistiese of gevoelswaarde. Verder moet in gedagte gehou word dat waar ander tale van 'n verledetydsvorm soos die *present perfect* in Engels (byvoorbeeld: *I ate an apple that day*) of die *onvoltooid verleden tijd* in Nederlands (byvoorbeeld: *Ik at die dag een appel*) gebruik sal maak, Afrikaans die perfek sal gebruik: *Ek het daardie dag 'n appel geëet*. Al imperfekvorme wat in Afrikaans nog in gebruik is, is *was* (afgelei van *is*), *kon*, *moes*, *sou*, *wou* (afgelei van *kan*, *moet*, *sal*, *wil*), *dag/dog* (afgelei van *dink*), *wis* (afgelei van *weet*), *mog* (afgelei van *mag*) en *had* (afgelei van *het*). Sommige van die imperfekvorme kom in 'n geringe mate nog in die spreektaal voor soos byvoorbeeld, *wis*, *mog* en *had*, terwyl die ander vorme heel frekwent voorkom. Die problematiek rondom die tempusgebruik in Afrikaans bestaan daarin dat wanneer ander tale soos Engels en Nederlands van 'n verledetydsvorm gebruik maak om gebeure in die verlede uit te druk, Afrikaans óf die perfek en imperfek in samehang met mekaar óf die presens gebruik. Waar die presens die ongemerkte kategorie is, is die perfek die gemerkte kategorie. Die ongemerkte vorm sien daar soos volg uit: *Adri eet 'n appel*, terwyl die gemerkte vorm verteenwoordig word deur die werkwoord *het* + *ge-*: *Adri het 'n appel geëet*. Die verskil in die twee tempusvorme is verder gegrond op aanwesigheid en afstand. Weer eens kan daar gesien word dat tempus 'n deiktiese kategorie is aangesien die gebruik van die perfek op bogenoemde twee maniere (aanwesigheid en afstand) verskil. Die verteller is deur die gebruik van die preteritum verder verwyder van die situasie as dit wat op die huidige oomblik plaasvind.

Volgens Loubser (1961:227) word die perfek gebruik om feite uit die verlede mee te deel of te konstateer, om kommentaar te lewer, toe te lig, ensovoorts, met ander woorde die

perfek word gebruik om feite uit die verlede op 'n nie-vertellende manier aan te bied. Verder vestig Loubser (1961:228) die aandag daarop dat met die gebruik van die perfek 'n verlede handeling, gebeurtenis of situasie wat as voltooid voorgestel kan word in die hede van die spreker/ skrywer, raakpunte met sowel die hede as die verlede het. Dit is egter vandag so dat wanneer die preteritum aangewend word in vertellings dit nie meer net 'n saaklike funksie het soos wat Loubser dit hierbo verwoord nie, maar dat dit heel dikwels aangewend word om vertellings te verwoord.

Die imperfek word dikwels in samehang met die perfek gebruik soos in die onderstaande tekste gesien kan word. Die presens van modale werkwoorde sluit dikwels aan by die historiese of dramatiese presens, maar die imperfek van dié werkwoorde het dikwels 'n modale eerder as 'n temporele funksie.

Soos sommige Afrikaanse skrywers van die HP gebruik maak om hul vertellings te verwoord, is daar egter ander Afrikaanse skrywers wat hoofsaaklik in die preteritum skryf om 'n vertelling te verwoord, soos gesien kan word in verskillende uittreksels wat hieronder ontleed word. Die volgende teks is 'n uittreksel uit 'n kortverhaal van Marlene van Niekerk (1992: 587).

Teks 4.1 – Die deurbraak van doktor Unterwasser.

Burgermeester Fritz Unterwasser was¹ 'n man wat onder die oppervlakte gehou het². Hy was³ 'n stille krag wat sy mense gelei het⁴ meer deur sy blote teenwoordigheid as deur klinkende dade. Sy ondergedompelde bestaan was⁵ egter die voorwaarde vir die glans van sy uiteindelijke deurbraak. En almal moes toegee⁶: sy tydsberekening was⁷ perfek.

Dit was⁸ die laaste jaar van sy derde ampstermyn as eerste burger van die Goudstad en in sommige kringe het daar 'n ligte onrustigheid posgevat⁹ oor wat as sy “stille waters”-aanpak bekend gestaan het¹⁰. Hy wou naamlik nooit sake van alledaagse belang direk onder oë sien¹¹ nie. Die probleme rondom die geëlektrifiseerde stadsmuur was¹² maar één daarvan. Dit was¹³ daarom waarlik nodig, het die stadsraadslede gevoel¹⁴, dat hy vóór sy aftrede ten minste 'n duidelike eie stempel op die stad sou afdruk¹⁵. (Marlene van Niekerk 1992:587)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
2. <i>gehou het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: opeenvolging van tye
3. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
4. <i>gelei het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: opeenvolging van tye
5. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
6. <i>moes toegee</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
7. <i>was</i>	Bysin: voorwerpsin	Imperfek: opeenvolging van tye
8. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
9. <i>het posgevat</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
10. <i>gestaan het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: opeenvolging van tye

11. <i>wou sien</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
12. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
13. <i>was</i>	Bysin: voorwerpsin	Imperfek: opeenvolging van tye
14. <i>het gevoel</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
15. <i>sou afdruk</i>	Bysin: onderwerpsin	Imperfek: opeenvolging van tye

Hierdie teks is beskrywend eerder as vertellend van aard. Daar kan gesien word hoe die perfek en imperfek-restante, naamlik *was*, *moes* en *wou*, gesamentlik aangewend word om hierdie vertelling te verwoord. Die gebruik van die preteritum pas dus goed. Die imperfek word gebruik om na die verlede te verwys, terwyl die skrywer gebruik maak van die perfek om die beskrywende gedeeltes in hierdie vertelling te belig.

Die gebruik van die preteritum kom nie net in korter verhale nie, maar ook deurlopend in langer vertellings voor. Ter illustrasie volg hier 'n voorbeeld uit Alexander Strachan se roman *Die Werfbobbejaan* (1994):

Teks 4.2 – Die Werfbobbejaan.

Die wind was¹ in die boomtakke en uit die rigting van die hotelkombuis sou Khera ook ander, nader geluide hoor² – 'n deksel wat val³, die geskuur van die vuilgoeddromme oor die sementvloer. By die kleinhoeve langsaan het die honde hul neuse in die wind gedraai⁴, skielik skerp begin blaf⁵.

Die buitekamer waar sy slaap⁶, is⁷ in die agterplaas van die hotel, in die skaduwee van die hoë bome. Dis⁸ waarheen die portier haar bagasie gedra het⁹. Sy kon die varings teen haar bene voel¹⁰ en vanuit die tuin het die skerp reuk van plantwortels gekom¹¹. Terwyl sy hom volg¹², het sy sweet gesien¹³ wat op sy blaaië uitslaan¹⁴, die mos teen die klippe, en die vlekke son wat deur die takke op die dooie blare onder die bome val¹⁵.

Toe sy die sleutel in die slot draai¹⁶, het dit gevoel¹⁷ asof haar bors wil toetrek¹⁸. Sy het die deur oopgestoot¹⁹ en aan die mufheid het sy geweet²⁰ die vertrek het lank toe gestaan²¹. Tog was²² daar nie stof op die vensterbank toe sy die gordyn ooptrek²³ nie. Daar was²⁴ 'n swaar hangkas in die hoek en voor die venster het die skryftafel gestaan²⁵ wat sy oor die telefoon aangevra het²⁶. Die kartondose met haar rekenaartoerusting het skielik onvanpas gelyk²⁷ in die middel van die vloer. (1994:2-3)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
2. <i>sou hoor</i>	Hoofsin	Imperfek: opeenvolging van tye
3. <i>val</i>	Bysin: betreklik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
4. <i>het gedraai</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
5. <i>(het) begin blaf</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
6. <i>slaap</i>	Bysin: betreklik	Presens: gewoontehandeling
7. <i>is</i>	Hoofsin	Presens: tydloos
8. <i>is</i>	Hoofsin	Presens: grammatikale funksie

9. <i>gedra het</i>	Bysin: bywoordelik	Perfek: terug na verlede
10. <i>kon voel</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
11. <i>het gekom</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
12. <i>volg</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
13. <i>het gesien</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
14. <i>uitslaan</i>	Bysin: betreklik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
15. <i>val</i>	Bysin: betreklik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
16. <i>draai</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
17. <i>het gevoel</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
18. <i>wil toetrek</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
19. <i>het oopgestoot</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
20. <i>het geweet</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
21. <i>het gestaan</i>	Bysin: voorwerpsin	Perfek: voorverlede
22. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
23. <i>ooptrek</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
24. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede
25. <i>het gestaan</i>	Hoofsin	Perfek: verlede
26. <i>aangevra het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: voorverlede
27. <i>het gelyk</i>	Hoofsin	Perfek: verlede

Hierdie vertelling maak hoofsaaklik gebruik van die preteritum as die tyd waarin die vertelling verwoord word. Soms word daar wel van die presens gebruik gemaak, maar die gebruik van die presens binne hierdie vertelling verrig dan 'n funksie op sy eie soos byvoorbeeld werkwoordkern nr 6 wat tydloos van aard is. De Villiers (1971:51) voer aan soos al reeds bespreek in Hoofstuk 1 dat in bysinne ingelei deur die voegwoorde *toe*, *terwyl*, *as* en sinonieme asook bysinne ingelei deur *asof* die presens in die bysin *gelyktydigheid* met die tyd van die hoofsin uitdruk. Hierdie funksie maak duidelik 'n verskyning in teks 4.2. In die bysinne waar werkwoordkerne nrs 11, 15, 17 en 22 voorkom, druk die gebruik van die presens in die bysin gelyktydigheid met die tyd van die hoofsin uit. In die sinne waar werkwoordkerne 3, 13 en 14 voorkom, maak die presens weer eens 'n verskyning binne die betreklike bysin. In al drie hierdie gevalle is die betreklike bysin beskrywend van aard en dui dit ook gelyktydigheid met die hoofsin aan. In die sinne waar werkwoordkerne 6 en 7 voorkom, word die presens gebruik. In die eerste geval tree die presens tydloos op, alhoewel dit tog iets van die historiese presens insluit en in nr 7 tree die presens in 'n gespletesinskonstruksie op en word die presens gewoon grammatikaal aangewend. Soos uit die gegewe teks gesien kan word, kan die preteritum ook doeltreffend in 'n langer vertelling aangewend word.

Die volgende is 'n uittreksel uit 'n kortverhaal van M.M Walters (1994: 611). Uitgaande van die deiktiese hede van die verteller, kan hier minstens drie verledevlakke – die een

voor die ander – onderskei word. Hulle word ter wille van die oorsigtelikheid as “verlede 1, 2 en 3” aangedui.

Teks 4.3 – Die dag toe hulle ’n Paasgodin op Langebaan gekies het.

Die woonwapark was¹ vol. Die Christene het ingekruip² in elke beskutte holte, onder elke skaduboom, in elke leë kamer of ongekooid skuur. Eie proviand is saamgebring³, in oorvloed, sonder vertroue in ’n vermeerdering van brode of wanindrukke in verband met vis. Veral die wyn was⁴ genoeg: dit kon straks gebeur⁵ dat die water wáter bly⁶.

Die aand vantevore het die jong mans begin drink⁷ en toe hulle nog half nugter was⁸, in die strate begin loop⁹ en die motors voorgekeer¹⁰ – net om naand te sê, gemaak snaaks op Engels – soos hulle gemaak het¹¹ toe hulle nog Maties was¹². En hul vrouens het gelag¹³ vir die gekkery en die hand-om-die-lyf-weer-jonk-wees-tyd wat amper verby was¹⁴. (M.M Walters 1994:611)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede 1
2. <i>het ingekruip</i>	Hoofsin	Perfek: verlede 1
3. <i>is saamgebring</i>	Hoofsin	Perfek: verlede 2
4. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede 1
5. <i>kon gebeur</i>	Hoofsin	Imperfek: irrealis, opeenvolging van tye
6. <i>bly</i>	Bysin: onderwerpsin	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
7. <i>het begin drink</i>	Hoofsin	Perfek: verlede 2, voorverlede
8. <i>was</i>	Bysin: bywoordelik (tyd)	Imperfek: verlede 2, gelyktydigheid met die hoofsin
9. <i>(het) begin loop</i>	Hoofsin	Perfek: verlede 2
10. <i>voorgekeer</i>	Hoofsin	Perfek: verlede 2
11. <i>gemaak het</i>	Bysin: bywoordelik	Perfek: verlede 3
12. <i>was</i>	Bysin: bywoordelik (tyd)	Imperfek: opeenvolging van tye
13. <i>het gelag</i>	Hoofsin	Perfek: verlede 2
14. <i>was</i>	Bysin: betreklik	Imperfek: opeenvolging van tye

In teks 4.3 word ’n vertelling weergegee van gebeure wat in die verlede plaasgevind het en dit word verwoord deur die perfek sowel as die imperfek te gebruik. In hierdie teks word daar gebruik gemaak van die voorverlede soos by nommer 7. Indien daar na ’n voorverlede verwys word, is die preteritum eintlik verpligtend. Let op die rol van ’n tydsbywoord soos *vantevore* om die oorskakeling na ’n vroeër tyd te markeer. In hierdie teks is daar ook verwys na gebeure in die verlede wat nog voor die voorverlede verwys en dit is gemerk as verlede 3 soos in nommer 11 gesien kan word. Hier word die perfek en die imperfek-restante nl *was* en *kon* afwisselend gebruik om die gebeure uit te druk en kan duidelik gesien word hoe ’n skrywer die preteritum aanwend om ’n vertelling te verwoord wat nie net ’n weergawe van feite is soos wat Loubser (1961:227) beweer het

nie. Die leser kan duidelik aflei dat die verteller in afstand verder verwyderd is van die hede as wat dit sou wees in 'n vertelling wat in die HP verwoord word.

Hoe die preteritum as tempusvorm in Afrikaanse vertellings gebruik word, is reeds hierbo geïllustreer asook hoe die preteritum vir vroeër tye as die verlede van die vertelling aangewend word. In die volgende hoofstuk word gekyk na Afrikaanse vertellings wat gebruik maak van die presens en die preteritum om gebeure te verwoord. Daar sal gekyk word hoe hierdie gemengde vorm deur skrywers aangewend word om 'n verhaal te vorm asook hoekom die afwisseling soms van kardinale belang is vir die interpretasie van die vertelling.



Hoofstuk 5: NARRATIEWE MET 'N VERMENGING VAN DIE PRETERITUM EN DIE PRESENS

In hierdie hoofstuk word gefokus op vertellers wat die preteritum en die presens afwisselend gebruik in vertellende gedeeltes. Drie romans, Dalene Matthee se *Kringe in 'n Bos* (2004), George Weideman se *Die Onderskepper of Die Dorp wat op 'n Posseël pas* (1997) en Etienne van Heerden se *30 Nagte in Amsterdam* (2008), is gekies om die kontrastiewe werking van dié twee tydsvorme te belig. Dit blyk uit onderstaande bespreking aangaande hierdie drie romans dat die onderskeie vertellers die ongemarkeerde presens en die gemarkeerde preteritum afwisselend gebruik om sekere funksies binne die vertellings te vervul.

So wend Dalene Matthee byvoorbeeld die preteritum aan om die hoofkarakter, Saul Barnard, se herinneringe te verwoord. Die hoofkarakter is dan in terme van sy deiktiese sentrum verder verwyderd van die gebeure as wanneer die presens gebruik word. Wanneer die presens gebruik word, is Saul Barnard deikties nader aan die gebeure, aangesien die vyf dae waarna dié karakter na die olifant, Oupoot, soek die kern van die verhaal is. Dit is slegs een voorbeeld hierdie van watter funksies die kontrastiewe gebruik van die presens en die preteritum binne 'n vertelling vervul. Met 'n ontleding van ander uittreksels uit die romans kom daar nog funksies na vore.

Soos in heelwat van die tekste hieronder gesien kan word, dui die werkwoordkern in sekere gevalle 'n opeenvolging van tye aan. Volgens die Wikipedia-webwerf (http://en.wikipedia.org/wiki/sequence_of_tenses) is die opeenvolging van tye die verhouding tussen werkwoorde in verbandhoudende bysinne en hoofsinne wat na die temporale verband in terme van die gebeurtenisse waarin dié werkwoorde voorkom, verwys. Dit is dus die grammatikale verhouding wat veroorsaak dat die tydsvorm van die werkwoord in 'n bysin beïnvloed of bepaal word deur die werkwoord in die ooreenstemmende hoofsin. So sal die preteritum wat nie in sy eie reg 'n bepaalde tyd uitdruk nie, grammatikaal aansluit by die tydsvorm wat gebruik word in die sin waarvan dit afhanklik is, soos in werkwoordkern 4 in teks 1e gesien kan word.

Vervolgens word verskeie uittreksels uit *Kringe in 'n Bos* (2004) geneem om te bepaal of daar nog moontlike redes is vir 'n verteller se afwisselende gebruik van die presens en die preteritum.

5.1 Die ontleding van tekste

Teks 1a –Kringe in 'n Bos.

Hy moes Oom Anneries die dag by die vellingmote help¹: elke witpeermoot moes kantig en presies sewe-en-twintig duim lank kom². Oom Anneries het met die regsbyl kantig gemaak³ en Saul het gemeet⁴ en gesaag⁵.
 “Honderd grootvoete is⁶ baie, oom.” Saul het honderd dooie olifante in sy verbeelding probeer hoopsleep⁷.
 “Ja, en sover dit my aangaan⁸, kan hulle die laaste bogger skiet⁹, hulle moet net nie my staan saamskiet¹⁰ nie!” het oom Anneries ergerlik gesê¹¹ en die bloklyn gevra¹².
 “Plant¹³ ek mos een jaar mielies laat die wêreld sal kan saameet¹⁴. Daardie jare had ek huisgemaak¹⁵ anderkant Ysternek en ek en oorle Petrus Barkhuizen maak vir ons ’n lekker stuk aarde skoon¹⁶... Jy moet die bloklyn ordentlik deur die as trek¹⁷ voorlat jy hom vir my aangee¹⁸! Ek wil nie soek¹⁹ waar ek my merke maak²⁰ nie... En oorle Petrus plant²¹ patats en ek plant²² mielies. Daardie jare kap²³ ek in jou Oupa Barnard se span. En toe die mielies opskiet²⁴, sit²⁵ ek nog ewe flenterpoppe vir die bosbokke op en sê²⁶ vir jou oupa die bosbokke dink²⁷ dis²⁸ sewe Barnards, want hulle kom²⁹ tot op die rand van die Bos, gee³⁰ die poppe net een kyk en spring³¹ terug... Laat werk³² daardie saag se tande, Saul! Jy’t³³ nie jou hande nodig vir jou ore nie... En die reën val³⁴ daardie jaar of hy georder is³⁵ en ek bring³⁶ die mielies halflyfhoogte en skuif³⁷ die poppe uit solat die bokke hulle beter kan sien³⁸.” Kap, kap, kap.
 “En toe, oom?”
 “Toe kom vreet³⁹ die grootvoete. Dit was⁴⁰ ’n Sondag. En wat hulle nie opgevreet het⁴¹ nie, het hulle vertrap⁴² en verniet⁴³ tot in die aarde in solat daar ligdag nie ’n stoel gestaan het⁴⁴ wat kon stronk⁴⁵ nie.” Kap, kap, kap. “Ek hoop⁴⁶ die hele lot van hulle is⁴⁷ onder die honderd wat Marais gaan skiet⁴⁸.”
 Halfdag die Saterdag was⁴⁹ die hout klaar. Die wete dat die dorp toe gaan naby was⁵⁰, het beurte op Saul se maag gemaak⁵¹ tussen bang en bly. Hy sou op veertien vir die eerste keer die dorp sien⁵².
 Sy pa is⁵³ nog dieselfde middag weg om vir Magdalena en Izak te gaan kuier, en Maandagoggend sou hy op pad terug sommer by die wa, wat duskant Diepwalle gestaan het⁵⁴, langs kom⁵⁵ en die wa ghries⁵⁶. Hy en Jozef sou voordag die osse by Loeriebos-se-Eiland gaan aanhaal⁵⁷. Oom Anneries had⁵⁸ nog ’n paar speke om klaar te maak. Dinsdagmiddag had hulle die hout met die osse uitgesleep⁵⁹ tot by die wa, opgelaa⁶⁰ en ingespan⁶¹, en skemer het hulle by Witfontein uitgespan⁶² vir die nag. (2004:35-36)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>moes help</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
2. <i>moes kom</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
3. <i>het gemaak</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
4. <i>het gemeet</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
5. <i>(het) gesaag</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
6. <i>is</i>	Hoofsin: direkte rede	Presens: algemene waarheid
7. <i>het probeer hoopsleep</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
8. <i>aangaan</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
9. <i>kan skiet</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid

10. <i>moet staan saamskiet</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
11. <i>het gesê</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
12. <i>(het) gevra</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
13. <i>plant</i>	Hoofsin	Historiese presens
14. <i>sal kan saameet</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
15. <i>had huisgemaak</i>	Hoofsin	Plusquamperfek: voorverlede
16. <i>maak skoon</i>	Hoofsin	Historiese presens
17. <i>moet trek</i>	Hoofsin	Presens: direkief
18. <i>aangee</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
19. <i>wil soek</i>	Hoofsin	Presens: teenwoordige tyd
20. <i>maak</i>	Bysin: voorwerpsin	Presens: teenwoordige tyd
21. <i>plant</i>	Hoofsin	Historiese presens
22. <i>plant</i>	Hoofsin	Historiese presens
23. <i>kap</i>	Hoofsin	Historiese presens
24. <i>opskiet</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
25. <i>sit</i>	Hoofsin	Historiese presens
26. <i>sê</i>	Hoofsin	Historiese presens
27. <i>dink</i>	Bysin: voorwerpsin 1	Historiese presens
28. <i>is</i>	Bysin: voorwerpsin 2	Historiese presens
29. <i>kom</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: herhaalde handeling
30. <i>gee</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: herhaalde handeling
31. <i>spring</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: herhaalde handeling
32. <i>laat werk</i>	Hoofsin	Presens: direkief
33. <i>het</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
34. <i>val</i>	Hoofsin	Historiese presens
35. <i>georder is</i>	Bysin: bywoordelik	Perfek: voorverlede
36. <i>bring</i>	Hoofsin	Historiese presens
37. <i>skuif</i>	Hoofsin	Historiese presens
38. <i>kan sien</i>	Bysin: bywoordelik	Historiese presens
39. <i>kom vreet</i>	Hoofsin	Historiese presens
40. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
41. <i>opgevreet het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: verlede tyd
42. <i>het vertrap</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
43. <i>(het) verniel</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
44. <i>gestaan het</i>	Bysin: bywoordelik	Perfek: verlede tyd
45. <i>kon stronk</i>	Bysin: betreklik	Imperfek: gelyktydigheid met die hoofsin
46. <i>hoop</i>	Hoofsin	Presens: teenwoordige tyd

47. <i>is</i>	Bysin: voorwerpsin	Presens: teenwoordige tyd
48. <i>gaan skiet</i>	Bysin: betreklik	Presens: toekomstige tyd
49. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
50. <i>was</i>	Bysin: byvoeglik	Imperfek: verlede tyd
51. <i>het gemaak</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
52. <i>sou sien</i>	Hoofsin	Imperfek: toekomstige tyd
53. <i>is</i>	Hoofsin	Historiese presens
54. <i>gestaan het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: gelyktydigheid
55. <i>sou kom</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede-toekomstige tyd
56. <i>(sou) ghries</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede-toekomstige tyd
57. <i>sou gaan aanhaal</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede-toekomstige tyd
58. <i>had</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
59. <i>had uitgesleep</i>	Hoofsin	Plusquamperfek: voorverlede
60. <i>(had) opgelaai</i>	Hoofsin	Plusquamperfek: voorverlede
61. <i>(had) ingespan</i>	Hoofsin	Plusquamperfek: voorverlede
62. <i>het uitgespan</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd

In teks 1a is daar 'n kontras tussen die verteller se preteritum-skryfstyl en die karakter se presens-vertelstyl. Algemene vertellings wat deur karakters aan ander oorgedra word, met ander woorde die karakter se direkte rede, word in die presens verwoord. Die verteller onderbreek plek-plek sy vertelling om opdragte te gee aan die toehoorders soos in werkwoordkerne 17-20 en 32-33 waar die toehoorders dan direk aangespreek word. Soos uit hierdie gegewe uittreksel gesien kan word, is die omringende teks in die preteritum verwoord en daarom kan afgelei word dat die direkte rede hier in die HP verwoord word, soos gesien kan word by werkwoordkerne 13, 14, 16, 21-28, 34 en 36-39. Die HP kom dan ook voor by die mondelinge vertelstyl soos in die betrokke werkwoordkerne gesien kan word. Werkwoordkerne 11 en 12 staan binne die direkte rede in die perfek. Die perfek word, na die presens van die direkte rede, gebruik om die verhaal opnuut in die verlede te situeer. By werkwoordkern 15 word die plusquamperfek gebruik om addisionele inligting te verskaf; dit kan as 'n agtergrondstelling gesien word.

Die volgende teks illustreer die kontrastiewe gebruik van tye.

Teks 1b – Kringe in 'n Bos

Die beweging was¹ links van hulle in die ruigte, net so 'n effense roering, en hy dog² eers dis³ 'n loerie of iets, maar toe roer⁴ dit weer en hy skrik⁵ hom byna koud, want dis⁶ 'n reuse-oor wat tussen die blare flap⁷! Dis⁸ 'n olifant! En hy vat⁹ na Jozef en Jozef sien¹⁰ dit ook en skrik¹¹ hom styf. Die olifant moes die hele tyd daar gestaan¹² en hulle dopgehou het¹³. En hy weet¹⁴ hy en Jozef kies¹⁵ instinkief dieselfde stinkhout vir die

klim, maar hulle **sit**¹⁶ asof hulle rotse **is**¹⁷! En hy **kan** nie **sluk**¹⁸ nie, want sy hart **klop**¹⁹ te wild en die wind **is**²⁰ teen sy rug... *Toe* die bos voor hulle **begin roer**²¹ en die ontsaglike groot lyf geruisloos vorentoe **begin beweeg**²², **het** Jozef **opgespring**²³ en boom toe **gehardloop**²⁴ (2004:17)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
2. <i>dog</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
3. <i>is</i>	Bysin: voorwerpsin	Presens: gelytydigheid met hoofsin
4. <i>roer</i>	Hoofsin	Historiese presens
5. <i>skrik</i>	Hoofsin	Historiese presens
6. <i>is</i>	Hoofsin	Historiese presens
7. <i>flap</i>	Bysin: betreklik	Historiese presens
8. <i>is</i>	Hoofsin	Historiese presens
9. <i>vat</i>	Hoofsin	Historiese presens
10. <i>sien</i>	Hoofsin	Historiese presens
11. <i>skrik</i>	Hoofsin	Historiese presens
12. <i>moes gestaan het</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
13. <i>moes dopgehou het</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
14. <i>weet</i>	Hoofsin	Historiese presens
15. <i>kies</i>	Bysin: voorwerpsin	Historiese presens
16. <i>sit</i>	Hoofsin	Historiese presens
17. <i>is</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
18. <i>kan sluk</i>	Hoofsin	Historiese presens
19. <i>klop</i>	Bysin: bywoordelik	Historiese presens
20. <i>is</i>	Bysin: bywoordelik	Historiese presens
21. <i>begin roer</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid
22. <i>begin beweeg</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid
23. <i>het opgespring</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
24. <i>(het) gehardloop</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd

Waar die preteritum aangewend word in 'n vertelling, word 'n dramatiese wending deur *toe* plus die presens gekenmerk soos in werkwoordkern 4 gesien kan word en word die gebeure wat volg op die voorgrond geplaas. Volgens Ponelis (1991:313) kan tydsadjunkte, soos *toe*, verbindend gebruik word, veral in 'n verhalende verband soos by hierdie werkwoordkern. *Toe* plus die presens kom ook voor by werkwoordkern 21. Al is *toe* hier tegnies 'n voegwoord, wat gevolg word deur die Subjek-Objek-Werkwoordvolgorde, het dit die funksie van 'n bywoord, omdat dit 'n wending aandui. Deur die gebruik van *toe* in hierdie gedeelte wat baie presens - werkwoordkerne bevat, word die stempel van gebeure wat in die verlede afspeel deur die gebruik van dié woord afgedruk.

Die gebruik van die perfek by werkwoordkerne 23 en 24 dui op die afronding of resultaat van die voorafgaande aksie.

In teks 1b kom die twee tydsvorme afwisselend voor. Die dramatiese wending wat dan in die presens verwoord word, sluit by Longacre (1976) se aangehaalde opmerking in die vorige hoofstuk oor die historiese presens aan met die begrip “discourse peaks” waar hy beduie dat ’n vertelling uit verskeie hoogtepunte (“peaks”) bestaan. Die aanloop sal nog in ’n sekere tyd verwoord word en sodra die hoogtepunt bereik word, verander die tempusvorm omdat dit beklemtoon moet word, soos gesien kan word uit bogenoemde voorbeeld waar *toe* in die eerste geval al aangewend word om ’n hoogtepunt aan te dui..

Die volgende teks is nog ’n voorbeeld van kontrastiewe gebruik, maar die presens is nie historiese presens as sodanig nie - dit druk algemene waarhede uit wat plek-plek oorgaan in ’n vertelling in die historiese presens.

Teks 1c – Kringe in ’n Bos

Toe het hulle maar in die ruigtes gesoek¹ totdat hulle afkom² op ’n hophie mis so groot soos ’n gortkorreltjie, of ’n bloubokkiepaadjie kry³. Sy pa het geglo⁴ jy moet vir die kop stel⁵, nie vir die pote nie. Jy buig⁶ ’n lekker jong boom af en bind⁷ ’n bloklynlus aan die punt sodat dit twee handhoogtes bokant die grond sal hang⁸ nadat jy die boom se punt geanker het⁹ dat dit net-net hou¹⁰. Nou kom¹¹ die bokkie wei-wei nader, sy kop is¹² deur die lus voor hy weet¹³ waar hy is¹⁴, die boom skiet¹⁵ terug en ruk¹⁶ die lus om sy gorrel vas, en die boswagter kan maar kom¹⁷. Die bokkie sal bokant sy kop in die Bos verwurg hang¹⁸ en hy sal onder verby¹⁹ en dit nie weet²⁰ nie.

En die grootmense het jou nog ’n ander ding van die bloubokkie geleer²¹: hulle is²² anders as al die ander bokke in die Bos omdat hulle gal in hul koppe sit²³. Sowaar. Daarom is²⁴ hul naam ook galkoppies. En dit sou ’n bloubokkie wees²⁵ wat die eerste dink in Saul laat loskom het²⁶. (2004:10)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>het gesoek</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
2. <i>afkom</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met hoofsin
3. <i>kry</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met hoofsin
4. <i>het geglo</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
5. <i>moet stel</i>	Bysin: voorwerpsin	Presens: algemene waarheid
6. <i>buig</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
7. <i>bind</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
8. <i>sal hang</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
9. <i>geanker het</i>	Bysin: bywoordelik	Perfek: verlede tyd
10. <i>hou</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
11. <i>kom</i>	Hoofsin	Historiese presens
12. <i>is</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
13. <i>weet</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
14. <i>is</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
15. <i>skiet</i>	Hoofsin	Historiese presens
16. <i>ruk</i>	Hoofsin	Historiese presens

17. <i>kan kom</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
18. <i>sal hang</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
19. <i>sal verby</i>	Hoofsin	Presens: gewoontehandeling
20. <i>weet</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
21. <i>het geleer</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
22. <i>is</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
23. <i>sit</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
24. <i>is</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
25. <i>sou wees</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede- toekomstige tyd
26. <i>laat loskom het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: gelyktydigheid

In hierdie uittreksel word die afwisseling tussen die twee tydsvorme duidelik kontrastief aangewend, aangesien hier 'n vertelling is wat verwoord word in die presens en 'n vertelling wat verwoord word in die preteritum. In hierdie gedeelte is daar ook besinning teenoor vertelling soos wat weer eens voorkom in die laaste twee werkwoordkerne.

Die voegwoord *totdat* in reël 1 introduceer ook 'n wending in hierdie uittreksel soos die voegwoord *toe* in die vorige uittreksel. Hier funksioneer dit soos 'n oorgang na die historiese presens.

Saul se herinneringe word in die preteritum geskryf. Interessant genoeg word daar vele kere binne hierdie preteritumvertelling oorgegaan na die presens, en telkemale as daar binne die preteritumvertelling oorgegaan word na die presens is dit om 'n beskrywing van die natuur of 'n ander karakter te verwoord soos in die gegewe voorbeeld gesien kan word. Uit hierdie beskrywing kan duidelik gesien word hoe die vangproses wat 'n beskrywing is in die presens verwoord word soos vanaf werkwoordkern 5 hierbo.

Teks 1d werp lig op die wyse waarop die imperfek gebruik word, naamlik 'n soort spekulatiewe gedagtestroom

Teks 1d – Kringe in 'n Bos.

Dit was¹ *toe* dat hy gesweer het² dat Freek Terblans Oupoot nie sou skiet³ nie. Nee. Saul Barnard sou Oupoot skiet⁴. Hy was⁵ dit aan Oupoot verskuldig om hom die vernedering te spaar om voor Terblans se geweer te kniel.

Hy had⁶ nie 'n keuse nie. Dié allerlaaste taak moes hy op homself neem⁷. Hulle het Oupoot gehaat⁸ soos hulle hom haat⁹, en pleit om genade sou nie help¹⁰ nie. (2004:8)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
2. <i>gesweer het</i>	Bysin: bywoordelik	Perfek: verlede tyd
3. <i>sou skiet</i>	Bysin: voorwerpsin	Imperfek: opeenvolging van tye
4. <i>sou skiet</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd

5. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
6. <i>had</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
7. <i>moes neem</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
8. <i>het gehaat</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
9. <i>haat</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
10. <i>sou help</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd

In hierdie uittreksel word hoofsaaklik die preteritum aangewend om die karakter se gedagtes uit te beeld. Dit kan dus beskou word as 'n funksie van die preteritum naamlik besinning deur die gebruik van die preteritumvorm.

In teks 1d, soos in die res van die vertelling, word die perfek asook die imperfek, en selfs die imperfekvorm van *het (had)* gebruik om die vertelling te verwoord. Werkwoordkerne 1, 4-7 asook 10 is goeie voorbeelde van hoe die imperfek binne 'n vertelling aangewend word om onder andere die opeenvolging van tye uit te druk. Die preteritum word gebruik om die lewensverhaal van Saul Barnard te verwoord, veral dan om die karakter se herinneringe as 'n vertelling te verwoord. Wanneer daar van die preteritum gebruik gemaak word, staan die verteller verder verwyderd van sy hede as wanneer daar gebruik gemaak word van die presens waarby die verteller betrokke is.

Teks 1e gee 'n goeie illustrasie van die oorgang van agtergrondverlede na voorgrondverlede, veral vanaf werkwoordkern 5.

Teks 1e – Kringe in 'n Bos.

Die volgende oomblik het die olifant in die oopte van 'n stuk kruppelbos gestaan¹ en Saul se hart wou uit sy borskas skop². En asof die olifant wou hê³ dat hulle hom goed moes sien⁴, gaan staan⁵ hy in die oopte en wieg⁶ sy slurp stadig heen en weer oor die seweweeksvaars voor hom. Waar die groot, dik tande langs sy kop uit die kaste bult⁷, was⁸ hulle blink en geel tot halfpad waar jare en jare se wortels grawe en bas afskeur die voorste deel tot by die ronde punte groen-swart gevlak het⁹.(2004:17)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>het gestaan</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
2. <i>wou skop</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
3. <i>wou hê</i>	Bysin: bywoordelik	Imperfek: verlede tyd
4. <i>moes sien</i>	Bysin: voorwerpsin	Imperfek: opeenvolging van tye
5. <i>gaan staan</i>	Hoofsin	Historiese presens
6. <i>wieg</i>	Hoofsin	Historiese presens
7. <i>bult</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met hoofsin
8. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
9. <i>gevlak het</i>	Bysin	Perfek: voorverlede

In die volgende uittreksel kom verandering van tempusvorme ook by diskoers-pieke voor soos reeds in teks 1b hierbo verduidelik is. Hierdie bogenoemde stelling is selfs van toepassing op vertellings wat deur 'n karakter verwoord word, met ander woorde die direkte rede; dit begin in die imperfek/ perfek en sodra 'n dramatiese wending plaasvind, word daar oorgeskakel na die presens. Die aanwending van *toe* saam met die historiese presens gee hierdie uittreksel sy verhalende impak en benadruk dat die gebeure in die verlede plaasgevind het:

Teks 1f – Kringe in 'n Bos

“My hande het geweer gedra¹ vir die Engelsman wat die slag hier kom grootvoete skiet het². Ons was³ vier mans wat alles moes dra⁴ en as die een geweer leeg geskiet was⁵, had ons die volgende een gelaai⁶ en reg vir die vat... Ek het in my lewe nie 'n man gesien⁷ wat kan skiet⁸ soos daardie man nie, hy had grootvoete in 'n anderland ook geskiet⁹... Maar *toe* kom draai¹⁰ die wind en ons staan¹¹ onderkant die koei en *toe* sy storm¹², *toe* 's¹³ daar nie tyd vir goed of sleg skiet^{nie}, *toe* 's¹⁴ dit net skiet! Weet¹⁵ jy hoe lyk¹⁶ 'n grootvoetkoei met 'n kwartpond lood in die long? Nee, jy weet¹⁷ nie. Weet¹⁸ jy hoe sy klink¹⁹? Hoe sy die wêreld uitmekaar skeur²⁰ terwyl sy in haar eige bloed versuip²¹? Nee. Maar my oë het gesien²². My ore het gehoor²³. Toe sy die bloed eers deur haar slurp begin spuit²⁴, was²⁵ dit of sy blind word²⁶ van woede en die Engelsman skree²⁷ ons moet laai²⁸, maar ons kan²⁹ nie ...” (2004:1-2)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>het gedra</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
2. <i>kom skiet het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: gelyktydigheid met die hoofsin
3. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
4. <i>moes dra</i>	Bysin: betreklik	Imperfek: opeenvolging van tye
5. <i>geskiet was</i>	Bysin: bywoordelik	Plusquamperfek: voorverlede tyd
6. <i>had gelaai</i>	Bysin-binne-bysin	Plusquamperfek: voorverlede tyd
7. <i>het gesien</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
8. <i>kan skiet</i>	Bysin: betreklik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
9. <i>had geskiet</i>	Hoofsin	Plusquamperfek: voorverlede
10. <i>kom draai</i>	Hoofsin	Historiese presens
11. <i>staan</i>	Hoofsin	Historiese presens
12. <i>storm</i>	Hoofsin	Historiese presens
13. <i>is</i>	Hoofsin	Historiese presens
14. <i>is</i>	Hoofsin	Historiese presens
15. <i>weet</i>	Hoofsin	Presens: vraag
16. <i>lyk</i>	Bysin: voorwerpsin	Presens: algemene waarheid
17. <i>weet</i>	Hoofsin	Presens: teenwoordige tyd
18. <i>weet</i>	Hoofsin	Presens: vraag

19. <i>klink</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
20. <i>skeur</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid
21. <i>versuip</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid
22. <i>het gesien</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
23. <i>het gehoor</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
24. <i>begin spuit</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
25. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
26. <i>word</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid
27. <i>skree</i>	Hoofsin	Historiese presens
28. <i>moet laai</i>	Bysin: voorwerpsin	Presens: direktief
29. <i>kan (laai)</i>	Hoofsin	Historiese presens

Die gebruik van die presens asook die imperfek en die perfek word in hierdie vertelling kontrastief gebruik met spesifieke redes soos reeds hierbo verwoord is.

Voorbeelde van die kontrastiewe aanwending vind ons ook in George Weideman se *Die Onderskepper of Die Dorp wat op 'n Possëel pas* (1997). Vervolgens word daar na 'n ander vertelling gekyk waar die twee tye kontrastief aangewend word; die vraag kan gestel word of die afwisseling so 'n indrukwekkende effek op die interpretasie van die vertelling het soos in Matthee se aanwending daarvan.

Die vertelling begin in die preteritum en om die verteller binne die tydsraamwerk van die vertelling te situeer, word die bywoord *vanoggend* gebruik wat deikties nader aan die verteller is as 'n uitdrukking soos *daardie oggend*.

In hierdie uittreksel is daar 'n vertelraamwerk in die preteritum wat kontrasteer met die algemene waarhede wat in die presens uitgedruk word:

Teks 2a – Die Onderskepper

Niks het my voorberei¹ op die skok toe ek *vanoggend* net na middernag, Bokkie Sybrandse se handskrif op die bontgestempelde koevert herken² nie.
 Die snelposdiens was³ laat. Was⁴ dít 'n voorteken?
 Ek was⁵ besig om posstukke – briewe, Kerskaarte, pakkies – in die duiwehokkies te sorteer, gretig om die waterketel aan te skakel sodat ek kon begin⁶ om enkele uitgesoekte briewe oop te stoom, *toe* die koevert, wat duidelik deur baie hande gegaan het⁷, voor my le⁸. Die oorspronklike straatadres onleesbaar doodgekrap, maar *Miss Hester Sybrandse* het daar nog gestaan⁹, onmiskenbaar in Bokkie se ragfyn handskrif met die hemelhoë *b* en *d* en die *y* wat tot in wie-weet-watse dieptes reik¹⁰. Dis¹¹ 'n handskrif wat ek tussen miljoene ander sal uitken¹².
 Langsaan, in 'n ander handskrif, *c/o The Postmaster, Eden*, met 'n rykdom aan herstempelings, en allerlei geheimsinnige byvoegings soos *Try Edinburgh, no such street, Eden (Mass.)*. 'n Grapmaker het selfs bygevoeg¹³: *Eve's Way, Paradise?* Die leesbaarste posstempels het aangedui¹⁴ dat die brief 'n draai in Nederland gemaak het¹⁵. Ook op Edenvale, Edenburg en, oplaas, op ons buurdorp Eden
 Iemand op die pospersoneel het seker besluit¹⁶ die brief moet¹⁷ Salperput toe, al staan¹⁸ daar dan ook Eden.

En iemand het tereg gemeen¹⁹ die brief is²⁰ vir Hester bedoel; sy is²¹ die laaste Sybrandse, en almal in die omgewing weet²² van haar omdat ons dorp se losies aan haar behoort²³. (1997:1-2)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>het voorberei</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
2. <i>herken</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: Gelyktydigheid met die hoofsin
3. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
4. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
5. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
6. <i>kon begin</i>	Bysin: bywoordelik	Imperfek: opeenvolging van tye
7. <i>gegaan het</i>	Bysin: betreklik	Perfek: verlede tyd
8. <i>lê</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
9. <i>het gestaan</i>	Hoofsin	Perfek: voorverlede tyd
10. <i>reik</i>	Bysin: betreklik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
11. <i>is</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
12. <i>sal uitken</i>	Bysin: betreklik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
13. <i>het bygevoeg</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
14. <i>het aangedui</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
15. <i>gemaak het</i>	Bysin: voorwerpsin	Perfek: verlede tyd
16. <i>het besluit</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
17. <i>moet</i>	Bysin: voorwerpsin	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
18. <i>staan</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
19. <i>het gemeen</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
20. <i>is</i>	Bysin: voorwerpsin	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
21. <i>is</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
22. <i>weet</i>	Hoofsin	Presens: algemene waarheid
23. <i>behoort</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: algemene waarheid

Weer eens word 'n algemene waarheid wat op die vertelling van toepassing is, net soos die algemene waarhede in *Kringe in 'n Bos*, in die presens uitgedruk, gevolg deur die res van die vertelling wat in die preteritum staan.

Met die gebruik van die presens word die verteller asook die leser deikties nader aan die deiktiese sentrum van die verteller geplaas wat selfs ook sy gedagtegang wat besinnend van aard is, insluit soos by werkwoordkerne 11 en 12 hierbo gesien kan word. Van belang is ook dat die verteller se gedagtes wat besinnend en reflekerend van aard is ook in die presens verwoord word.

Die kontraswerking tussen die historiese presens en die preteritum kom duidelik na vore in Etienne van Heerden (2008) se *30 Nagte in Amsterdam*.

Teks 3 a – 30 Nagte in Amsterdam

Die LSD het geen verligting gebring¹ nie, en sy ma het lank met sy pa geredeneer², nagte deur, oor 'n verblyf in die gestig op Queenstown. Sy pa wou nie na “die malhuis”, soos hy dit genoem het⁴, gaan³ nie, maar uiteindelik het hy radeloos toegegee⁵. Ook vir sy moeder was⁶ dit verskriklik, dit kon die seuntjie sien⁷. Maar sy was⁸ aan die einde van haar kragte, sy moes al die gewere en die pistool by die polisiekantoor op die dorp laat toesluit⁹, sy was¹⁰ bang vir 'n onverantwoordelike, desparate daad.

Nou ry¹¹ die seuntjie, sy moeder en sy pa Queenstown toe. Sy moeder bestuur¹² die Borgward, en 'n swart krul val¹³ oor die bekommerde keep tussen haar wenkbroue. Sy pa lê¹⁴ op die agtersitplek, met sy lang bene wat deur die agterste motorvenster uitsteek¹⁵. Tante Zan is gegroet¹⁶, laaste opdragte is gegee¹⁷.

'n Winderige dag, iewers in die winter. Stofvlae loop¹⁸ oor die teerpad voor hulle verby, die peperboompies by die stilhouplekke langs die pad staan¹⁹ skeef en die lug is²⁰ stikwit. Sy ma bestuur²¹ vinniger as wat haar gewoonte is²² en hulle hou²³ net stil vir petrol. Sy pa sit²⁴ 'n ekstra purple heart onder sy tong en sy oë dop²⁵ wit om terwyl hy slaap²⁶. (Van Heerden 2008:140-141)

Werkwoordkerne	Hoof- of bysin	Beskrywing
1. <i>het gebring</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
2. <i>het geredeneer</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
3. <i>wou gaan</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
4. <i>het genoem</i>	Bysin: byvoeglik	Perfek: verlede tyd
5. <i>het toegegee</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
6. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
7. <i>kon sien</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
8. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
9. <i>moes laat toesluit</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
10. <i>was</i>	Hoofsin	Imperfek: verlede tyd
11. <i>ry</i>	Hoofsin	Historiese presens
12. <i>bestuur</i>	Hoofsin	Historiese presens
13. <i>val</i>	Hoofsin	Historiese presens
14. <i>lê</i>	Hoofsin	Historiese presens
15. <i>uitsteek</i>	Bysin: betreklik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
16. <i>is gegroet</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
17. <i>is gegee</i>	Hoofsin	Perfek: verlede tyd
18. <i>loop</i>	Hoofsin	Historiese presens
19. <i>staan</i>	Hoofsin	Historiese presens
20. <i>is</i>	Hoofsin	Historiese presens
21. <i>bestuur</i>	Hoofsin	Historiese presens
22. <i>is</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin
23. <i>hou</i>	Hoofsin	Historiese presens
24. <i>sit</i>	Hoofsin	Historiese presens

25. <i>dop</i>	Hoofsin	Historiese presens
26. <i>slaap</i>	Bysin: bywoordelik	Presens: gelyktydigheid met die hoofsin

Die preteritum word in hierdie teks aangewend om gebeure in die verlede te situeer – sodanige bykomende inligting rakende Henry se pa te gee. Die gedeelte wat in preteritum verwoord word, is beskrywend van aard. Dit verwys na gebeure wat reeds plaasgevind het en deur die gebruik van die preteritum word die gebeure op die agtergrond geplaas.

Met die gebruik van die partikel *nou* en die oorskakeling van die preteritum na die presens word die handeling, wat steeds in die verlede afspeel (vergelyk die tydsaanduiding “iewers in die winter”), op die voorgrond gestel. Alhoewel die presensgedeelte in die teks ook beskrywend van aard is, is dit ook besinnend. Dit word op die voorgrond geplaas, want dit is ’n dramatiese hoogtepunt vir die verteller.

5.2 Die funksies van die tydskontras

Uit hierdie bespreking kom daar verskillende funksies van die tydskontras tussen die presens en die preteritum na vore. Beide hierdie vertellings bestaan uit sowel verhalende as besinnende gedeeltes en die afwisselende gebruik van die historiese presens en die preteritum verrig binne dié vertellings sekere funksies.

(a) Die preteritum (die imperfek en die perfek) word dikwels by die begin van ’n reeks handelingsmomente ingespan om die gebeure in die verlede te situeer soos in *Kringe in ’n Bos* se teks 1a gesien kan word:

“Hy moes Oom Anneries die dag by die vellingmote help: elke witpeermoot moes kantig en presies sewe-en-twintig duim lank kom. Oom Anneries het met die regsbyl kantig gemaak en Saul het gemeet en gesaag.”

Die gebruik van die bywoord *toe* ondersteun ook die situering van die gebeure in die verlede soos in die volgende sin uit teks 1c gesien kan word:

“*Toe* het hulle maar in die ruigtes gesoek totdat hulle afkom op ’n hopie mis so groot soos ’n gortkorreltjie, of ’n bloubokkiepaadjie kry”

(b) Die preteritum word ook dikwels gebruik om besinnende gedeeltes oor wat verby is uit te druk soos dit in teks 1d blyk:

“Dit was *toe* dat hy gesweer het dat Freek Terblans Oupoot nie sou skiet nie. Nee. Saul Barnard sou Oupoot skiet. Hy was dit aan Oupoot verskuldig om hom die vernedering te spaar om voor Terblans se geweer te kniel.”

Die presens word egter ook aangewend om besinnende gedeeltes uit te druk soos daar in teks 2 a gesien kan word:

“Niks het my voorberei op die skok toe ek *vanoggend* net na middernag, Bokkie Sybrandse se handskrif op die bontgestempelde koevert herken nie.”

(c) Nie alle gedeeltes in vertellings is ewe belangrik nie en daarom kan die kontraswerking tussen die presens en die preteritum ’n bydraende rol speel in terme van

die uitligging van belangrike gedeeltes van ’n vertelling soos in teks 1b gesien kan word. Hier begin die vertelling in die imperfek en by die dramatiese wending waar die verteller besef ’n olifant is daar by hom, word oorgeskakel na die historiese presens sodat die belangrikheid van hierdie gebeurtenis binne die vertelling belig kan word: “Die beweging was links van hulle in die ruigte, net so ’n effense roering, en hy dog eers dis ’n loerie of iets, maar *toe* roer dit weer en hy skrik hom byna koud, want dis ’n reuse-oor wat tussen die blare flap! Dis ’n olifant!”

(d) Die afwisselende gebruik van tydsvorme kan ook voorkom omdat daar ’n kontras is tussen die skrywer se skryfstyl en die karakter se vertelstyl. Met ander woorde wanneer die verteller die vertelling verwoord, word ’n ander tydsvorm gebruik as wanneer die skrywer kommentaar lewer oor die verteller, soos in teks 1c waar die verteller in die historiese presens beskryf hoe om ’n bloubokkie-strik te stel, terwyl die skrywer in die preteritum kommentaar lewer oor die verteller: “Daarom is hul naam ook galkoppies. En dit sou ’n bloubokkie wees wat die eerste dink in Saul laat loskom het”.



Hoofstuk 6: DIE FUNKSIES VAN TYDPARTIKELS IN AFRIKAANSE VERTELLINGS

Alvorens daar meer oor tydpartikels en hul funksies in vertellings gesê word, word daar weer eens na die begrip deiksis verwys en hoe die begrip by hierdie hoofstuk aansluit. Reeds in hoofstuk 2 is daar verwys na tempus wat 'n deiktiese kategorie is. Spruyt (2000:39) beskou tyd as 'n deiktiese kategorie waar die tydsverwysingspunt veranker is aan 'n deiktiese sentrum, wat die hier-en-nou van die werklike spraakgebeure verteenwoordig. Hierdie deiktiese sentrum is altyd teenwoordig en “funksioneer as 'n basisruimte vanwaar toegang tot tempus verkry word.” (2000:39). Volgens Spruyt (2000:39) kan die basisruimte in geskrewe diskoers byvoorbeeld opgestel word vir 'n spreker, hoorder, outeur, fiktiewe karakter of verteller, sodat die gekonseptualiseerde perspektief die inisiële ankerpunt sal wees vir die toegang tot of interpretasie van tyd. Gevolglik sal die spreker die deiktiese sentrum van die hier-en-nou ontleed en 'n verskuiwing maak na 'n ander lokaliteit wat spesifiek geïdentifiseer word met die tyd en plek van die vertelling. Die bewussyn 'sien' idees of konsepte of neem dit waar vanuit 'n bepaalde lokaliteit en met 'n bepaalde houding. Die bewussyn kan dan 'naderkom' aan die konsep of daarvan af 'wegbeweeg', dit kan die idee 'kry' of 'laat vaar', en so meer.

Van belang vir dié hoofstuk is deiktiese woorde soos *nou*, *dan*, *toe* en ander. Volgens Spruyt (2000:39) is hierdie deiktiese woorde taalmeganismes wat besonderhede van die spreker en hoorder se gedeelde kognitiewe ervaring in die taaluiting uitbou en dit is die skakel tussen taal en werklikheid. Sy meen voorts dat in albei kategorieë (dit is tyddeiksis en plekdeiksis) die spreker as identifiserende, tydverwysende en ruimtelike kognitiewe verwysingspunt optree. Deiktiese verankering verwys volgens haar na die kodeerder, verteller of spreker se sentrum van oriëntasie, wat gebruik word vir die interpretasie van uitdrukking, insluitende tydverwysings wat heel dikwels deur onder andere tydpartikels uitgedruk word.

Vervolgens gaan die aandag veral op drie tyddeiktiese partikels (*nou*, *dan* en *toe*) gefokus word met die oog op die rol wat hulle binne vertellings vervul.

Elkeen van hierdie tydpartikels het 'n individuele betekenis en aan hierdie betekenis word daar eerstens aandag gegee. Volgens De Villiers (1971:14) is die *nou* van die spreker die aanwesige of teenwoordige tyd. Dit sluit die teenwoordige tyd in al sy verskillende gebruike in. *Nou* is met ander woorde die tyd wanneer die spreker (ek) praat en dit is met ander woorde deikties van aard. *Toe* is verder weg geleë van die spreker en dui op die verlede en tree dikwels in samewerking met die HP, die perfek of die imperfek op, terwyl *dan* eweneens verder weg, maar ook in die toekoms kan wees. Dit is egter problematies om hierdie drie partikels so te kategoriseer, aangesien hulle nie so streng

afbakenbaar is soos ander tydpartikels of -uitdrukkings wat duideliker 'n sekere tyd uitdruk soos byvoorbeeld, *vandag, gister en verlede Saterdag nie. Nou, toe en dan* het met ander woorde wyer betekenisvlakke binne sinne as die ander tydpartikels. Dit is egter ook so dat met die gebruik van sekere tydpartikels sekere uitdrukkings deikties nader is aan die verteller of spreker as ander.

6.1 Die tydpartikel *toe*

Eerstens word die tydpartikel *toe* bespreek. Volgens die HAT (1994) het die bywoordelike of setsel-*toe* die volgende vyf betekenisonderskeidings:

- a. In die rigting van: *Kom môre na ons toe.*
- b. Tot aan: *Jou skuld tot die laaste sent toe betaal.*
- c. Vooruit: *Toe dan!*
- d. Om 'n byvoeging aan te dui: *Ek het nog 'n ietsie toe gekry.*
- e. In, op daardie tyd: *Daar was toe niks anders te doen nie.*

Verder kan vir die doel van hierdie bespreking die HAT-betekenis (e) uitgesonder word aangesien slegs dié betekenis tydverwysend van aard is. Binne die konteks van 'n vertelling kan nog meer betekenis aan dié partikel toegevoeg word. Ons kyk egter eers na die HAT-betekenis (e).

Toe 1: In, op daardie tyd

1. “Deesdae sou 'n mens vir berading gaan,” sê sy. “*Toe* het ons nie daarvan geweet nie. Ek het hom gehaat en dit baie duidelik gemaak...” (Baker 2001:111)

Toe is in hierdie geval tydverwysend van aard en die sinoniem wat hier van toepassing kan wees, is *destyds*: *Deesdae sou 'n mens vir berading gaan. Destyds het ons nie daarvan geweet nie.* Wanneer *toe* oor hierdie betekenis beskik, is dié partikel ook deikties van aard. In (1) hierbo word die leser verplaas na 'n tydstip waarvan die spreker verder weg verwyderd is as die huidige gespreksituasie. *Toe* in (1) staan in kontras met die tydwoord *deesdae* wat ook in die uittreksel na vore kom. Hierdie kontras belig die partikel se funksie deur 'n vergelyking te tref tussen twee tye wat van mekaar verwyderd is in terme van die spreker se deiktiese sentrum. In die spreker se deiktiese verwysingspunt is *deesdae* nader aan die spreker se gebeure tydens die gespreksuiting as die partikel *toe*.

Toe het egter ook ander betekenisonderskeidings wat met tyd te make het.

Toe 2: Daarna/ opeenvolging van gebeure

In die onderstaande voorbeeld tree *toe* 1 in die eerste geval op as 'n deiktiese partikel. Dit druk 'n bepaalde tyd in die verlede uit ooreenstemmende met die verledetydverwysing

(was) in die voorafgaande sinstuk. Net soos in (1) hierbo kyk die verteller terugskouend vanuit sy deiktiese sentrum na daardie spesifieke gebeurtenis. In (2) en (3) hieronder kom 'n nuwe funksie van *toe* na vore, naamlik die funksie om opeenvolging van gebeure uit te druk. Wanneer *toe* oor hierdie tweede funksie beskik, tree die partikel nie-deikties op.

2. Die twee meisiekinders was lankal nie meer vir mekaar kwaad nie, *toe*¹ is Mara nog vir Pa vies, en hy die ene donderweer, hoe Ma ook al die vrede probeer bewaar. *Toe*² bel iemand gelukkig om te sê oupa Chris is dood, en Mara se paartie was vir eers vergeet. Maar *toe*³ is ek weer dikbek omdat hulle my nie wou saamvat vir die begrafnis nie oor dit skooltyd was. Toe Oupa nog geleef het, het ons elke jaar by hom en ouma Makkie op die plaas gaan kuier. In die Klein-Karoo. Ladismith. (Van Tonder 2004:13)

*Toe*² en *toe*³ in (2) hierbo kan met *daarna* vervang word. Dit beskik oor 'n konsekatiewe funksie.

Uit die gegewe voorbeelde is dit opvallend dat hierdie tydpartikel heel dikwels in die eerste posisie van 'n sin voorkom soos in die geval van *toe* 1, 2 en (na die voegwoord *maar*) 3. Deur die voorplasing van *toe* in hierdie geval word 'n dramatiese wending geskep. Die leser word dadelik na 'n ander tydstep in die verlede gevoer. Dit is asof die kousale verband deur die voorplasing van die partikel in hierdie sin verbreek word, omdat daar na 'n ander gebeurtenis in die verlede verwys word.

In (3) hieronder kan *toe* weer eens deur *daarna* vervang word. Met die gebruik van hierdie partikel word die opeenvolging van gebeure duidelik voorgestel. Alhoewel die partikel in (3) nie deur die sinoniem *destyds* vervang kan word nie soos in (1) hierbo, kan dit ook tydverwysend van aard wees, aangesien dit steeds verwys na 'n tydstep in die verlede. Met ander woorde vanaf dié tydstep tot en met die hede is en word daar gewerk aan hierdie span.

3. Keer op keer is die koring van die kaf geskei tot hy 24 oorgehad het, twee spanne van twaalf elk, sy perfekte syfer vir "my RU", soos die direkteur besitlik na hulle verwys. Aar-Joe, die boggelrug se Engelse afkorting vir Reaction Unit. *Toe* het die skaafwerk in alle erns begin. (Meyer 2002:32)

In (4) hieronder tree hierdie partikel weer eens konsekatief op en kan dit ook weer deur die woord *daarna* vervang word.

4. Ek klop eers aan die deur, *toe* aan die ruite, maar dit bly stil. (Baker 2001:32)

Toe 3: Resultatiewe toe

'n Meer modale betekenisonderskeiding van *toe*, wat resultatief genoem kan word omdat dit aansluit by 'n gebeurtenis in die verlede, kom in (5) voor:

5. Wie het *toe* die werk gekry? (Eie voorbeeld)

Met dié gebruik van *toe* word daar verwys na vroeëre verwagtings of gesprekke. Dié gebruik is wel ook deikties van aard, want dit verwys na 'n tydperk in die verlede wat verder verwyderd is van die spreker se huidige gespreksituasie.

Uit hierdie bespreking kan daar gesien word dat drie *toe*'s met tydimplikasies onderskei kan word. Eerstens is daar 'n deiktiese *toe* wat verwys na 'n spesifieke tydstip in die verlede en wat somtyds met die sinoniem *destyds* vervang kan word, tweedens is daar 'n *toe* wat oor 'n konsekwentiewe funksie beskik en met die woord *daarna* vervang kan word en laastens is daar die modale *toe* wat oor 'n resultatiewe funksie beskik. *Toe* word dikwels in 'n preteritumkonteks gebruik, waar dit tydverwysend optree en die verlede tyd uitdruk.

6.2 Die tydpartikel *dan*

Vervolgens word die betekenis van *dan* as bywoord bespreek. Die HAT en die WAT gee soortgelyke betekenis vir die bywoordelike *dan*. Volgens die HAT (1994) beskik *dan* oor die volgende betekenisonderskeidings:

1. a. Op dié tyd; daarna: *Bel my, dan kom ek*, tot op 'n tydstip in die toekoms soos ooreengekom.
1. b. Op 'n bepaalde tydstip wat by herhaling voorkom: *Elke keer as ek praat, dan word hy kwaad*.
2. In dié geval: *As hy ja sê, dan moet ons hom ontmoet*.
3. Om 'n sekere verwagting, bevestiging, ontkenning, ens., aan te dui: *Is ons dan almal bang?*

In al hierdie gevalle tree *dan* in 'n presenskonteks op.

Uit hierdie gegewe woordeboekbetekenisse kan afgelei word dat *dan* konsekwentief en kousaal kan optree soos dit in 1a en 2 hierbo weerspieël word. Verder tree *dan* op in die apodosis van voorwaardelike sinne. *Dan* kan ook herhaalde handeling uitdruk soos in 1b hierbo en laastens kan dit modaal optree soos in 3 hierbo. In hierdie geval kan *dan* selfs deur 'n woordjie soos *dus* vervang word.

Die WAT gee 'n uitgebreide verklaring vir die betekenis van *dan* met 'n algemene opmerking oor die aanduiding van tydstip, toestand, omstandigheid of logiese punt wat volg op of uit gebeure, omstandigheid of beredenering wat in die voorafgaande opgesluit is:

1. Ter aanduiding van 'n [denkbeeldige] tydstip m.b.t. die toekoms, of i.v.m. herhaalde of hipotetiese gebeure en omstandighede; daarna; op dié tyd: *Ek is netnou hier klaar, dan sal ek jou help*.
2. Ter aanduiding van 'n [denkbeeldige] omstandigheid en gew. ter inleiding v/d apodosis of gevolgtrekkende hoofsin wat volg op die protasis in voorwaardelike sinne; in dié geval: *As dit reën, (dan) sal ek nie kom nie*.

3. As modale bywoord, aanduidende in baie gevalle 'n sekere verwagting van bevestiging, ontkenning of opheldering, waarby egter steeds op een of ander manier na die voorafgaande verwys word, sodat dit eintlik konkluderende of hervattende waarde het: *Is daar dan glad geen geregtigheid meer nie?*

Die WAT onderskei *dan* eerstens as 'n partikel wat 'n tydstip in die toekoms aandui wat by herhaling voorkom. In hierdie geval tree die partikel deikties op. Dit is egter van belang om daarop te let dat die eerste WAT-betekenis van die partikel *dan* al klaar 'n aantal verskillende betekenisfunksies vir dié partikel insluit. Vir die doel van die ontleding van die betekenisfunksies van *dan* word die WAT se eerste betekenis opgebreek in afdelings. Volgens die eerste betekenis kan *dan* oor die volgende funksies beskik: (a) die partikel dui 'n tydstip met betrekking tot die toekoms aan, (b) dit druk herhaalde gebeure uit, (c) dit druk hipotetiese gebeure uit, (d) dit is konsekutief (dit wil sê dui opeenvolgende gebeure aan, vergelyk *daarna*).

Om die gebruik van *dan* te illustreer, gaan dié partikel se betekenis aan die hand van geselekteerde voorbeelde uit verskeie vertellings vervolgens numeries geëtiketteer word. Alvorens daar na die verskillende betekenis binne die konteks van vertellings gekyk word, word die aandag gevestig daarop dat *dan* oor die algemeen meer dikwels met die presensydvorm saamhang as met enige ander tydvorm.

Hier is dit veral (a) en (d) – laasgenoemde vergelykbaar met *toe2* – wat tydsaanduidend is, en hiervan is (a) deikties en (d) nie-deikties. (b) en (c) het net indirek met tydsaanduiding te make.

Eerstens kan *dan* beslis opeenvolgende gebeure uitdruk en vervang word deur die sinoniem *daarna* soos in die onderstaande voorbeeld gesien kan word:

6. “Nou toe,” sê Mazibuko, “moenie 'n groot ding daarvan maak nie. Kry die manne bymekaar.” En *dan* hoor hy die hardlopende voetstappe en draai om. Dit is die bebrilde troep, die boodskapper van die kolonel. (Meyer 2002:222) [=d]

Die partikel *dan* kan ook hipotetiese gebeure uitdruk met ander woorde gebeure wat nie noodwendig bewaarheid word nie, soos in voorbeelde (7) en (8) gesien kan word:

7. “Dis die nommers van die regering se Switserse bankrekenings. Miskien trek hy al die geld en gee dit vir die mense. *Dan* sal jy regte redistribution of wealth sien.” (Meyer 2002:224). [=c]
8. Hy trek sy asem stadig in, stadig, gerusstelend uit. As hy dit tot in Botswana kan maak. *Dan* het hy nog 'n kans. Hy begin die wond stadig in sorgvuldig skoonmaak. (Meyer 2002: 229)

In (9) en (10) hieronder is *dan* deel van die voorwaardelike bysin. Die voorwaardelike sin bestaan volgens De Villiers (1971:100) meestal uit 'n bysin ingelei deur *as* wat bekend staan as die protasis en 'n hoofsin, wat die apodosis genoem word. Volgens De Villiers (1971:101) hoort voorwaardelike sinne tot die terrein van modaliteit, aangesien hulle nie feitlike gebeure of toestande noem wat op 'n bepaalde tyd plaasvind of plaasgevind het nie, maar moontlikhede. Hy beweer verder dat die moontlikhede gewoonlik voorgestel word in die tyd en dat tydwoorde ingevoeg word volgens die inhoud en die bedoeling. De Villiers onderskei tussen vyf tipes voorwaardelike sinne, maar vir die doel van die

bespreking van (9) en (10) sal daar slegs gekyk word na die eerste hoof tipe naamlik, *as* + presens of modale presens + infinitief.

Volgens De Villiers (1971:102) kan die onderstaande twee voorbeelde as ‘werklike’ voorwaardes geklassifiseer word en kan die tyd beskryf word as die “karakteriserende teenwoordige tyd”. In (9) word die voorwaardelike sin aan ’n algemene waarheid gekoppel en beskik dit oor ’n tydloosheidsfunksie. In (9) druk die protasis ’n moontlikheid uit, terwyl die apodosis ’n versekering uitdruk. In (10) is die *dan*¹ deel van die protasis en *dan*² deel van die apodosis.

9. As Ma die dag vloek, *dan* is daar fout. (Van Tonder 2004:20)
10. Niemand kon haar naam meer voor hom noem sonder om afgejak te word nie. Toe sê die meisiekinders, as ons *dan*¹ nie daarvoor mag praat nie, *dan*² lag ons maar daarvoor. (Van Tonder 2004:11)

Wat verder ook interessant is, is dat daar sinne is waar *dan* net soos *toe*, ’n prominente plek in die sin kry deur middel van voorplasing, alhoewel dit elders in die sin ook betekenisvol sou wees. Heel dikwels word van voorplasing gebruik gemaak ter wille van kohesie.

11. “My klaar opgespoor, ja.”
Die stoel waarin ek sit, gewef van wingerdlatte en vreeslik ongemaklik, kraak toe ek vorentoe sit. “*Dan* moet jy dit aanvaar. Miskien is dit tyd dat julle die saak opklaar, dink jy nie so nie?” (Baker 2001:168)

In hierdie geval sou ook gewerk het: *Jy moet dit dan aanvaar*. Ter wille van kohesie werk die voorplasing baie beter. Met die voorplasing van die partikel in hierdie sin, word die finaliteit van die saak ook duideliker uitgedruk.

Na aanleiding van bogenoemde bespreking kan die volgende onderstaande betekenis van *dan* onderskei word.

Dan 1: Konsekutief van aard/ druk opeenvolging van gebeure uit en kan deur *daarna* vervang word [=d]

12. Eers die lyf wat voor hom draai, sonder haas. *Dan*¹ die kop, *dan*² die oë. Hy sien ’n valk daar, ’n roofdier, geen vrees nie, selfvertroue, geamuseerd, hoeke van die dun lippe opwaarts beurend, sentimeters uitmekaar, ’n eienaardige intimiteit. (Meyer 2002:7)
13. Hy volg hom, net ’n tree agter, op met die trappe, op, op, tot in die warm somernaggewoel van Parys se Latynse Kwartier, en *dan* hardloop Dorffling op met die Boulevard St. Michel, in die rigting van die Sorbonne. (Meyer 2002:8)

In beide voorbeeldsinne tree *dan* konsekutief van aard op en kan dié partikel wanneer dit oor hierdie betekenis beskik deur die woord *daarna* vervang word. Wanneer *dan* oor hierdie spesifieke betekenis beskik, tree dit nie deikties op nie. Wanneer *dan* oor hierdie

funksie beskik en saam met die presens optree, kan dié partikel egter deur *toe* vervang word.

In die onderstaande geval sal *dan* egter nie deur *toe* vervang kan word nie. Alhoewel *dan* hieronder gewoon konsekatief van aard is, druk die gebruik van die modale hulpwerkwoord *sal* 'n gewoontehandeling uit en maak dit die gebruik van dié partikel in hierdie geval nie suiwer konsekatief van aard nie en daarom kan *dan* in hierdie geval nie met *toe* verwissel word nie aangesien *toe* nie gewoontehandeling uitdruk nie:

14. Op pad na Guguletu. En Miriam Nzululwazi.
En Pakamile, wat op die straathoek vir hom wag, wat daardie laaste dertig meter tot by die inrit saam met die motorfiets sal hardloop, woordeloos, sewejarige konsentrasie op sy grootoog gesig, ernstig, soos sy ma. Geduldig sal hy wag dat die grootmens die valhelm en klein werkstrommel afhaal, sy groot hand oor sy kop streel en sê: "Goeiemiddag, Pakamile." *Dan* sal die kind volkome en oorweldig glimlag en albei hande om hom slaan, 'n magiese oomblik in elke dag. (Meyer 2002:19) [=b]

In die volgende voorbeeld is die hele konteks dié van herhaling.

Dan 2: Druk herhaalde handeling uit

15. Pa stuur jou badkamer toe en *dan*¹ gaan spuit hy die gras nat terwyl hy dink hoeveel houe genoeg sal wees. Hy wil nie slaan terwyl hy kwaad is nie, sê hy. Terwyl jy wag, dink jy aan allerhande goed om te probeer vergeet waar jy is en hoekom, en na 'n lang ruk kom Pa en maak die deur agter hom toe en gaan sit op die lêwwertrie se deksel. Hy praat eers met jou, terwyl hy in jou oë kyk. *Dan*² slaan hy. (Van Tonder 2004:9)

*Dan*¹ en *dan*² in (15) druk 'n herhaalde handeling uit wat keer op keer voorkom: die prosedure wat Pa volg wanneer hy 'n kind 'n pak slae gee. Alhoewel albei *dan*'s herhaalde handeling uitdruk, kan die partikel met die woord *daarna* vervang word. Uit hierdie uittreksel kan dus nog 'n betekenisfunksie van *dan* onderskei word.

Dan 3: Kousaliteit/ druk oorsaak en gevolg uit

In die onderstaande voorbeeld beskik *dan* oor 'n kousale funksie asook oor 'n temporale funksie. Dit druk toekomstige tyd uit in ooreenstemming met die woorde *een van die dae*:

16. Maar of ons ooit by dansery gaan uitkom, moet ons nog sien, want Pa het gesê nie onder sý dak nie. Hy sê 'n mens kan jonk wees op 'n mooi manier, sonder om te dans. Mara sê in daai geval was sy lank genoeg jonk op 'n mooi manier. "Een van die dae is ek so oud soos Pappie en *dan*¹ sal ek ook nie meer lus hê om te dans nie en *dan*² sal dit vir my ook maklik wees om te sê dis 'n sonde "(Van Tonder 2004:12)

Dan 4: Modaal van aard soos verwoord in WAT en HAT se betekenis 3

Vervolgens word 'n paar voorbeelde gelys en afsonderlik bespreek, aangesien die gebruik van *dan* as 'n modale woord ook oor 'n emotiewe funksie beskik wat telkens verskillende emosies uitdruk. Wanneer *dan* modaliteit uitdruk, beskik die partikel nie oor 'n tydsfunksie nie.

17. Hy skink 'n tweede beker koffie. Die maan word al bleker uitgestoot, sal spoedig wegraak in die helder dag, die bietjie water wat dit kon skep, verdamp. Heel naby kry iemand 'n trekker aan die loop. *Dan* het hy tog gedurende die nag se storm aan die slaap geraak, so vas dat hy nie die slag van die vallende boom gehoor het nie. (Miles 2003:14)
18. As hy weer opkyk, sien hy skuins voor hom tussen 'n paar stamme deur nogmaals die silwergrys van die Duitsers se kampeerder; ook die rooi dak van Elena se klein Opel. *Dan* het hy bloot om die neergevelde boom beweeg. (Miles 2003:15)
19. Hoe het jy *dan* uit Angola gekom? (Miles 2003:263)
20. Was jou geloof *dan* nie voldoende nie? (Miles 2003: 264)

In al vier die gegewe voorbeelde hang die gebruik van *dan* saam met die perfek of die imperfek wat myns insiens in hierdie gevalle dié partikel se modale aard versterk.

In al hierdie voorbeelde beskik *dan* oor 'n konkluderende of gevolgtrekkende funksie. In (19) beskik die partikel ook oor 'n gevolgtrekkende waarde soos dit ook in (17) na vore kom. Dieselfde geld vir (19).

(20) druk 'n sekere verwagting uit. Dit wil voorkom of *dan* in hierdie vier voorbeelde vervang kan word deur die woorde *op die ou einde*. Met die gebruik van hierdie woorde word die konkluderende funksie waaroor *dan* beskik weer eens bevestig.

In die onderstaande voorbeeld tree *dan* op saam met die imperfek-perfek.

21. Partykeer wens ek ék was stom, *dan* **sou** ek my minder in die moeilikheid **ingepraat het**. Ek **sou** nie *nou* in die badkamer **gesit het** as ek my mond **gehou het** nie. (Van Tonder 2004:12)

In (21) kan die gebruik van die imperfek as kondisionele tydsvorm gesien word. *Dan* druk in hierdie geval die rede van die versugting uit, terwyl *nou* (wat oor 'n tydsfunksie beskik) die leser na die deiktiese sentrum van die verteller trek. In hierdie geval kan die eerste gedeelte van die eerste sin as 'n uitroepsin wat sy krag verloor het, geklassifiseer word, met die apodosis wat die versekering van die uiteinde van die uitroep beklemtoon.

Dan 5: Die voorwaardelike *dan*

22. Ek het dit nie vir Ma gesê nie, maar nie Joepie of Hein of wie ook al sou so mooi soos Gladys geskrik het nie. Eendag is eendag, het ek myself belowe, *dan*¹ laat ek haar weer onder haar badwater uit skrik.
Gelukkig was dit Ma wat my daai keer geslaan het. Sy word vir 'n mens kwaad en sy gryp 'n tamatieplankie en gee jou 'n klompie harde houe en alles is oor en verby. Nie Pa nie. Hy hou jou hande agter jou rug vas en hy slaan jou bobene met die plathand. En as daar een ding is wat hard

is, is dit 'n operator se hande. Byna so hard as die gips aan my arm. Dís hoekom ek nou hier sit. Nie oor Pa se gewete nie, maar oor die gips. Mense sien mos die gips aan jou en *dan*² wil hulle weet waar dit vandaan kom. (Van Tonder 2004:10)

*Dan*₁ in (22) is voorwaardelik van aard en is met ander woorde onderhewig aan 'n voorkonteks wat die voorwaardelike aard daarvan ondersteun. Dié partikel in hierdie geval is nie net voorwaardelik van aard nie, maar tree ook toekomsverwysend op. *Dan*₂ verrig weer die funksie van die algemene opeenvolging van gebeure. Dit druk ook kousaliteit uit wat aandui dat wanneer die mense die gips sien die logiese volgende stap sal wees om te vra waar dit vandaan kom.

Daar kan dus tussen vyf tipes *dan*'s onderskei word. Dié partikel kan konsekutief en kousaal optree. Dit kan herhaalde handeling uitdruk. Wanneer *dan* oor een van hierdie drie betekenisonderskeidings beskik, tree dié partikel tydverwysend van aard op. *Dan* beskik ook oor 'n modale funksie wat 'n konkluderende betekenis aanhang. Wanneer *dan* modaal van aard is, lyk dit asof dit die gevalle is waar dié partikel saam met die perfek of imperfek optree anders as die gewone, verwagte presens. Laastens tree *dan* in voorwaardelike sinne op. Wanneer *dan* egter oor een van hierdie twee betekenisonderskeidings beskik, tree dié partikel nie tydverwysend van aard op nie. Uit die gegewe voorbeelde is ook gesien dat *toe* en *dan* heel dikwels met mekaar verwissel kan word, maar dit is gewoonlik net in die geval wanneer *dan* oor 'n suiwer konsekutiewe funksie beskik.

6.3 Die tydpartikel *nou*

Vervolgens gaan daar na die woordeboekbetekenis van *nou* gekyk word. Volgens die HAT (1994) beskik die bywoordelike *nou* oor die volgende betekenisse:

1. Op hierdie oomblik: *Doen dit nou*.
2. Met die oog op die toekoms: *Wat gaan ons nou doen?*
3. Teenswoordig, in ons dae: *Dit is nou die mode*.
4. Om 'n versoek te bekragtig: *Hou tog nou op!*

Die WAT gee 'n wyer veld van betekenisse vir die bywoordelike *nou*:

1. a. Sonder uitstel of vertraging: *Moenie uitstel nie: doen dit nou!*
1. b. Op hierdie oomblik of stadium: *Hoekom kom jy nou eers? Kyk hoe laat is dit al.*
1. c. Binnekort: *Wag net 'n oomblik: ek is nou klaar!*
2. a. (dikw met *die*) Kort gelede of 'n ruk gelede; ook soms, net: *Nou die middag was hy nog hier.*
2. b. Pas: *Ek is die leërowerste van die Here; Ek het nou gekom (Jos.5:14, 1957)*
3. Egter: *Die weermense, nou. Ek het gister lank met een gepraat.*

4. Inderdaad, naamlik of tog: *Jy praat nou bog!* Dikwels in samewerking met ander bywoorde met versterkende of sinonieme betekenis: *Ek wag nou nog.*
5. Vervolgens: *Wat gaan ons nou doen?*

Die WAT maak twee opmerkings rakende dié partikel. Eerstens tree *nou* volgens WAT so sterk in onderlinge afhanklikheid met die intonasie, klem of konteks van die betrokke taaluiting op dat dit wysigings in die toepaslike betekeniswaarde van *nou* tot gevolg kan hê. Dieselfde sin of sinsdeel kan daarom by verskillende geleenthede verskillende en selfs teenoorgestelde bedoelings, houdings of gevoelens weergee. Die tweede opmerking gee te kenne dat vanweë die modale en aspektiese aard van *nou* as bywoord die betekenis heel dikwels vervaag. Dit bring mee dat dié partikel meermale met ander bywoorde met sinonieme betekenis gebruik kan word.

Volgens die gegewe verklarings uit die HAT en WAT beskik *nou* ook oor 'n verskeidenheid van betekenis. Eerstens kan dié partikel dit wat op hierdie oomblik of stadium gebeur, uitdruk soos in HAT 1 en WAT 1b opgesluit lê. Dié partikel is beslis deikties van aard, aangesien die bogenoemde betekenis verwys na dit wat *nou* binne die verteller se gespreksituasie plaasvind. Tweedens kan hierdie partikel vervang word met die woord *deesdae* soos in HAT 3. Dit wil voorkom uit HAT-betekenis 4 en WAT-betekenis 3, 4 en 5 dat *nou* ook 'n modale kwaliteit het.

Die tydpartikel *nou* staan in die sentrum van enige deiktiese tydsverwysingsraamwerk. Dit blyk dus dat wanneer 'n verteller/ skrywer oorgaan na hierdie adjunk binne 'n vertelling hy die leser weer wil sentreer binne die sentrum van die deiktiese tydsverwysingsraamwerk van die vertelling, voordat hy die leser weer verder vanuit die deiktiese sentrum wil verwyder na gelang van die belangrikheid van die gebeurtenisse op die spesifieke oomblik binne die vertelling. Dit kom duidelik na vore in (22) hierbo [Partykeer wens ek ék was stom, *dan sou* ek my minder in die moeilikheid **ingepraat het**. Ek **sou** nie *nou* in die badkamer **gesit het** as ek my mond **gehou het** nie. (Van Tonder 2004:12)] waar daar na 'n gebeurtenis in die verteller se verlede verwys word, en met die gebruik van *nou* in daardie spesifieke voorbeeld word die leser weer na die verteller se deiktiese sentrum geneem sodat die leser nie tred verloor met dit wat die verteller op daardie oomblik ervaar nie.

Vervolgens word die betekenis rakende *nou* numeries geëtiketteer soos wat dit in vertellings voorgekom het.

Nou 1: Op hierdie oomblik

23. Hy voel meer in beheer, stukke en brokke van die instrukeurstem by die Gevorderde Ryskool het *nou* betekenis. (Meyer 2002:87)

(23) se *nou* kan deur *op hierdie oomblik* vervang word en dui die tydstip aan waarin hierdie uiting ge-uiter word. Dit tree ook in dié geval resultatief op. Dit is deikties van aard soos ook in die onderstaande voorbeeld gesien kan word.

24. En *toe*¹ hy ontslaan word en die wit man nog in die hospitaal agterbly, *toe*² hy met soveel geesdrif vir die kentering in homself, soveel vuur vir die nuwe Tobela Mpayipheli vir Van Heerden groet, het die wit man al twee sy hande geneem en gesê: “As iemand dit kan doen, is dit jy.” Daar was ’n dringendheid in sy stem, asof hy ’n persoonlike belang in die stryd het.
En *nou* lê hy op ’n stowwerige, stinkende klapperhaarmatras in die middel van die Karoo en die slaap wil nie kom nie, want hy speel die toneel met die twee soldate terug, oor en oor, soekend na die punt, die oomblik van regressie, *toe*³ dit wat hy wil wees, weggeval het. (Meyer 2002:147)

Die verteller maak gebruik van die partikel *toe* in (24) om gebeure uit die verlede aan die leser mee te deel. In die volgende paragraaf word *nou* duidelik aangewend om die leser weer na die deiktiese sentrum waarin die verteller homself bevind, terug te dwing. In die onderstaande twee voorbeelde word die partikel *nou* ook met bepaalde redes gebruik:

Nou 2: modaal van aard/ resultatiewe funksie

25. Ek het Pa gesmeek om te kan saamgaan, maar verniet. Oor my skoolwerk. As ek *nou*¹ so daaraan dink, is dit eintlik Pa se skuld dat ek *nou*² gaan slae kry. Oor hy my by die huis gelos het. (Van Tonder 2004:14)
26. Asof Ouma nie skatryk kinders het nie, met blerriewil net twee of drie kinders in hulle groot huise. Ons het nie gevra dat sy na ons toe moet kom nie. *Nou* moet ek elke dag ’n ver ent met haar gaan stap oor Ma bang is sy val of verdwaal of iets as sy alleen stap. En nog erger: Braam moet in die gang slaap en ek by Ma-hulle in die kamer. (Van Tonder 2004:20)

In (25) is dit kwasi-direkte rede wat deur die verteller verwoord word. *Nou*¹ tree op in ’n voorwaardelike bysin, terwyl die tweede *nou* tydverwysend van aard is en weereens die deiktiese sentrum van die verteller omsluit. In beide die gegewe gevalle word met die gebruik van hierdie partikel besef wat die resultaat van sekere aksies was. In (26) beskik *nou* oor ’n emotiewe funksie wat ’n verwyte gevoel skep. Hierdie gevoel wat deur die partikel uitgedruk word, word aangehelp deur die gebruik van die modale hulpwerkwoord *moet*. Verder word die emotiewe funksie van dié partikel in (26) aangehelp deur die voorplasing van *nou*.

Uit die gegewe bespreking oor die partikel *nou* kan twee afsonderlike betekenisgehalte gelys word. Eerstens kan dié partikel deur die woorde *op hierdie oomblik* vervang word. Wanneer dié partikel oor hierdie betekenis beskik tree dit deikties op. Tweedens beskik hierdie partikel oor ’n modale funksie wat gelaai is met emosies soos verwyte. Aangesien dié partikel die middelpunt van die deiktiese sentrum staan, word die tempusvorm wat die meeste met die partikel geassosieer word die presens.

6.4 Samevattend

Uit bogenoemde bespreking is die verskillende tydpartikels met hulle moontlike betekenis gelys en bespreek. *Toe* en *nou* kan beslis deikties optree na gelang van die betekenis wat hierdie twee partikels in daardie vertelling uitdruk. Verder kan *toe* deur die partikel *dan* verwissel word wanneer *dan* oor 'n suiwer konsektiewe funksie beskik. Alhoewel *dan* gewoonlik met die presens saamhang, blyk dit uit hierdie bespreking dat dié partikel ook wel met die imperfek en die perfek kan optree wanneer dit as modale bywoord in 'n sin optree. Al drie die partikels beskik oor 'n modale funksie en wanneer hulle oor hierdie funksie beskik, tree die partikels nie-deikties op.



Hoofstuk 7: SLOT

In hierdie studie is die tempusgebruik en die deiktiese implikasies en die funksies van die tydpartikels *nou*, *toe* en *dan* ondersoek. Daar is gevind dat Afrikaanse vertellings van twee tydsforme gebruik maak om vertellings te verwoord, naamlik die presens en die preteritum ('n vermenging van die perfek en die imperfek) maar dat sekere tekstipes dié twee vorme vermeng.

Omdat Afrikaans oor hierdie twee basiese tydsforme beskik, is skrywers van Afrikaanse vertellings daarvan afhanklik om die ongemarkeerde presensvorm te gebruik selfs wanneer 'n vertelling in die verlede geskied. Skrywers gebruik desnoods dan die historiese presens om verledetydsgebeure in 'n vertelling weer te gee. In Hoofstuk 3 word gedebatteer of daar in Afrikaanse vertellings 'n onderskeid gemaak kan word tussen die historiese presens en die dramatiese of narratiewe presens. Fleischman (1990:78) beweer dat hierdie twee vorme “the same grammatical animal” is en dat die verskil tussen hulle bepaal word deur die tipe narratiewe teks waarmee die leser te make het asook die verspreiding van die tydsvorm binne 'n vertelling (Fleischman 1990:376).

Na aanleiding van bogenoemde kriteria waaraan 'n teks moet voldoen om te bepaal of 'n vertelling in die historiese presens of die dramatiese of narratiewe presens geskied, is vier tekste ontleed. Om die historiese presens van die dramatiese of narratiewe presens binne vertellings te onderskei, is daar gekyk na die persentasie dinamiese en statiese werkwoorde binne 'n gekose uittreksel van 'n spesifieke vertelling. Indien 'n teks oor 'n hoër persentasie statiese werkwoorde beskik het, is aangeneem dat die teks hoofsaaklik van die historiese presens gebruik maak, terwyl 'n teks met 'n hoër persentasie dramatiese werkwoorde se tempusgebruik geklassifiseer kan word as die dramatiese of narratiewe presens. Die eerste van die vier tekste is meer beskrywend van aard en het oor 'n hoër persentasie statiese werkwoorde beskik. Daar is dus van die veronderstelling uitgegaan dat teks 1 van die historiese presens gebruik maak. Die strekking van tekste 3 en 4 is dramaties van aard en die oorgrote meerderheid werkwoorde is geklassifiseer as werkwoorde met 'n semantiese waarde wat dinamies van aard is. Teks 2 is egter meer problematies aangesien 'n gelyke persentasie werkwoorde staties en dinamies is. Hierdie vertelling se inhoudelike konteks bevat momente wat beskrywend sowel as dramaties van aard is. Vandaar dan die aanname dat die onderskeid tussen die twee presensvorme in Afrikaanse vertellings nie absoluut is nie, aangesien die twee vorme skynbaar op 'n kontinuum voorkom en daar 'n deurlopende verband tussen die twee vorms is.

Die aandag word in Hoofstuk 4 gefokus op vertellings wat in die preteritum geskied. Met die gebruik van die perfek in samehang met die imperfek word verlede tydse gebeure ook in Afrikaanse vertellings verwoord. Waar die historiese presens gebeure meer dramaties voorstel asof die leser dit voor sy/haar oë sien gebeur, is die leser met die gebruik van die preteritum verder verwyderd van die verteller se deiktiese sentrum en uiteraard word die gebeure deur die leser vanaf 'n afstand beskou.

Weer eens is drie tekste waarvan die werkwoorde hoofsaaklik in die preteritum is, ontleed. As die inhoudelike konteks van al drie die Afrikaanse vertellings in ag geneem word, lyk dit asof die preteritum meer gereedelik voorkom in vertellings wat meer beskrywend van aard is. 'n Verdere studie gefokus op tekste wat in die preteritum geskied, sal egter gedoen moet word om dit te staaf. Teks 3 maak egter gebruik van drie verlede tydsvlakke deur die aanwending van die preteritum. Die drie tydsvlakke kan na aanleiding van die inhoudelike konteks kan opgedeel word in die hede, verlede en voorverlede. Deur die imperfek en perfek afwisselend te gebruik, kom al drie tydsvlakke duidelik na vore.

Afrikaanse vertellings word ook verwoord deur 'n vermenging van die preteritum en die presens te gebruik soos uiteengesit in Hoofstuk 5. Drie tekste is ontleed om die onderskeie funksies van die afwisseling tussen die historiese presens en die preteritum te probeer bepaal. Na aanleiding van bogenoemde ontleding is die volgende drie algemene funksies rakende die afwisselende gebruik van die historiese presens en die preteritum onderskei:

- (a) die preteritum word aangewend om gebeure weer in die verlede te situeer binne 'n vertelling wat afwisselend gebruik maak van die twee afsonderlike tydsvorme,
- (b) die preteritum word aangewend wanneer die inhoudelike konteks van die vertelling nadenkend van aard is en
- (c) in 'n vertelling wat in die preteritum geskied, word 'n dramatiese wending in die historiese presens verwoord om die belangrikheid daarvan te verwoord.

In Afrikaanse vertellings is dit nie net die tydsvorme wat die funksie verrig om die leser in die tydverwysingsraamwerk van die vertelling te plaas nie, maar ook tydpartikels soos in hoofstuk 6 bespreek is. Daar is veral gefokus op drie tydpartikels wat heel dikwels in Afrikaanse vertellings voorkom, naamlik *toe*, *dan* en *nou*.

Die partikel *nou* tree deikties op, aangesien dit 'n persoon in terme van tyd binne die deiktiese sentrum situeer. Dié partikel staan dus in die middelpunt van die deiktiese sentrum en verwys na 'n tydperk wat op hierdie gegewe tyd plaasvind. Die partikel *toe* tree ook deikties op wanneer dit met die woord *destyds* vervang kan word asook wanneer dit opeenvolging van gebeure uitdruk. Dié partikel situeer die leser in terme van die spreker se deiktiese sentrum in die verlede. Wanneer die partikel *dan* met die woord *daarna* vervang kan word en dit druk herhaalde handeling uit, tree dit ook deikties op.

Al drie bogenoemde partikels beskik ook oor 'n modale funksie, maar dan tree hulle nie-deikties op en is nie tydverwysend van aard nie.

Met die bespreking hierbo is daar gepoog om meer lig te werp op die gebruik van werkwoordelike asook enkele nuwe werkwoordelike tydsaanduiders in die Afrikaanse taal en daar is bevind dat tyd 'n belangrike rol speel in die interpretasie van tekste en die situering van die verteller of 'n karakter ten opsigte van die deiktiese sentrum van bepaalde vertellings.

BIBLIOGRAFIE

- Baker, E. 2001. *'n Ou Begin*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Botha, W.J. 1990. Deiktiese tydsverwysing. *Acta Academica* 22(3): 102-115.
- Botha, W.J. 1995. *Hoe beteken taal? 'n Kognitiewe perspektief*. 'n Verkorte weergawe van 'n rede wat op 3 Mei 1995 by die RAU gelewer is.
- Combrink, J. 1983. *Vrou van die Stormnag*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Comrie, B. 1985. *Tense*. London: Cambridge University Press.
- Comrie, B. 1994. Tense. In Asher, R.E. (Editor-in-Chief) *The Encyclopedia of Language and Linguistics Volume 9*: 4558-4563. Oxford: Pergamon Press.
- Conradie, C.J. 1998. Tempusgebruik in Afrikaanse narratiewe. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde/ South African Journal of Linguistics* 16(2): 37-43.
- De Villiers, M. 1971. *Die Grammatika van Tyd en Modaliteit*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- De Vries, A.H. (red) 1996. *Eeu. Honderd jaar van Afrikaanse Kortverhale*. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.
- Fleischman, S. 1989. Temporal Distance: A basic linguistic metaphor. *Studies in Language*. 13-1: 1-50
- Fleischman, S. 1990. *Tense and Narrativity from Medieval Performance to Modern Fiction*. London: Routledge.
- HAT, sien Odendal. 1994.
- Leroux, E. 1980. *Sewe Dae by die Silbersteins*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Longacre, R. 1976. *An Anatomy of Speech Notions*. Lisse: The Peter de Ridder Press.
- Loubser, J.E. 1961. *Die saamgestelde verbale vorm van Nederlands na Afrikaans*. Groningen: J.B. Walters.
- Matthee, D. 1984. *Kringe in 'n Bos*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Meyer, D. 2002. *Proteus*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Miles, J. 2003. *Die Buiteveld*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Odendal, F.F. (Hoofred.) 1994. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor Uitgewery.
- Ponelis, F.A. 1991. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Sassen, P. 1982. *Die dodelike harlekyn*. Pretoria: Daan Retief Uitgewers.
- Schoonees, P.C. (Hoofred.) 1955. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal Volume II*: 33. Pretoria: Staatsdrukker.
- Spruyt, M. 2000. 'n Kognitiewe benadering tot tydsdifferensiasie in diskoers. In Kamwangamalu, N.M. (red.) *South African Linguistics and Applied Language Studies*. Volume 18: 33-43.
- Strachan, A. 1994. *Die werfbobbejaan*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Heerden, E. 2008. *30 nagte in Amsterdam*. Kaapstad: Tafelberg

- Van Niekerk, M. 1992. Die deurbraak van doktor Unterwasser. In De Vries, A.H. (1996:587). *Eeu. Honderd jaar van Afrikaanse Kortverhale*. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.
- Van Schalkwyk, D.J. (Hoofred.) 2000. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Stellenbosch: Hoof van die WAT
- Van Tonder, J. 2004. *Roepman*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- WAT, sien Schoonees 1955 en Van Schalkwyk 2000.
- Walters, M.M. 1994. Die dag toe hulle 'n Paasgodin op Langebaan gekies het. In De Vries, A.H. (1996:611). *Eeu. Honderd jaar van Afrikaanse Kortverhale*. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.
- Weideman, G. 1997. *Die Onderskepper of Die dorp wat op 'n Posseël pas*. Kaapstad: Queillierie-Uitgewers.
- Winterbach, I. 2002. *Niggie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- http://en.wikipedia.org/wiki/sequence_of_tenses



